Instagram YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# ForuM

www.forumtydskrif.co.za | Winter 2024

AfriForum Tydskrif



# AfriForum *maak só!*

ISSN 2313-1144

R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede






# Binnekant

Forum Tydskrif | Winter 2024 | Uitgawe 31










12 Bela-wetgewing
18 Noodwaterpunte
19 Parys-waterkrisis
24 NGV
26 Privaat vervolging
32 Afrikaner Verklaring
36 Tinteltong
42 Skerpskutskietdag
46 AfriForum-aksiespan
50 Interkulturele verhoudings
52 Teenboelieveldtog
55 Plaasmoorde
56 Dink of Sink
58 Veiligheid by kerke

VERSPREIDING
On the Dot

DRUKWERK
Novus Print

UITGEWER
AfriForum

## DIE SPAN


**Redakteur (waarnemend)**
Ilze Nieuwoudt
**Kommunikasiebestuurder**
Marina Wiese
**Joernaliste**
Carina Bester
Marthinus Koekemoer
**Subredakteur**
Anton Wilson
**Advertensies**
Denise Viljoen
denise.viljoenx1@outlook.com
**Grafiese kunstenaars**
Thomas Snyman
Simoné Perry
Talia du Plessis
**Medewerkers**
Kallie Kriel
Alana Bailey
Sue-Ann de Wet
Ernst van Zyl

Hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* is digitaal per WhatsApp aan lede gestuur.
Dit kan ook aanlyn gelees word by **www.forumtydskrif@afriforum.co.za**.
Stuur 'n e-pos na **navrae@forumtydskrif.co.za** vir enige terugvoer.

**Matteus 7:24**
Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel, kan vergelyk word met 'n verstandige man wat sy huis op rots gebou het.

**AfriForum-hoofkantoor**
H.v. D.F. Malanrylaan & Unionweg,
Kloofsig, Centurion
**Tel:** 086 10 200 30
**Faks:** 012 664 1281
**Web:** www.afriforum.co.za
**E-pos:** navrae@forumtydskrif.co.za

AfriForum







# Redakteursbrief

Ilze Nieuwoudt – redakteur (waarnemend)

Dit is vanjaar reeds 120 jaar sedert pres. Paul Kruger sy afskeidsbrief vanuit Switserland aan die volk gestuur het. Oor presies wie hierdie "volk" is kan seker gedebatteer word, want hoewel Kruger die president van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) was, praat hy duidelik nie net met die inwoners van dié Boererepubliek nie. Hy verwys byvoorbeeld na "die Afrikaansche volk", die belangrikheid van eenheid en "onze nationaliteit en taal" wat sal bly en bloei wanneer daar saamgestaan word.

Hierdie brief het in die afgelope 120 jaar 'n belangrike hoeksteen in die Afrikanergemeenskap geword en veral een frase daaruit word dikwels aangehaal. Die woorde "Neem uit die verlede, dit wat goed en opreg is en bou daarop voort" het as' t ware al 'n leuse geword waarvolgens die Afrikanergemeenskap – en veral ook die instellings van die Solidariteit Beweging – aktief gerig word.

So belangrik as wat hierdie opdrag van Kruger mag wees, sal ons as moderne Afrikaners groot lesse miskyk wanneer ons bloot by daardie woorde stilstaan. Want sien, net ná Kruger se bekende woorde oor die verlede skryf hy: "Dit is waar: Baie van wat opgebou is, is nou vernietig, verniel, vervalle. Maar met eenheid van ingesteldheid en eenheid van krag kan dit wat daar lê weer opgerig word."

Al is hierdie woorde 120 winters gelede geskryf, tref dit my in die hartjie van hierdie Suid-Afrikaanse winter vierkantig tussen die oë. Dié woorde is vandag net so waar as toe Kruger dit vir die Afrikaner geskryf het wat die bitterheid van die Anglo-Boereoorlog nog aan elke deel van hul menswees gevoel het.



> **Dit is waar: Baie van wat opgebou is, is nou vernietig, verniel, vervalle. Maar met eenheid van ingesteldheid en eenheid van krag kan dit wat daar lê weer opgerig word.**

Dit is nou generasies later en weer kyk die Afrikaner dikwels vas in alles wat vernietig, verniel en vervalle is – maar dit is by verre nie die volle verhaal nie. Ons storie is nog nie klaar geskryf nie. AfriForum en sy lede skryf saam aan hierdie verhaal van opbou, herbou en nuut bou. Waar swak dienslewering dreig om gemeenskappe van selfs die mees basiese dienste te ontneem, bring AfriForum deur sy 160 takke hoop én oplossings (lees meer oor die suksesse van AfriForum se takke op bl. 14 tot 17); waar die ineenstorting van watersuiweringsaanlegte die Parys-gemeenskap lamlê, veg AfriForum om dié aanlegte te herstel (sien bl. 19); waar nuwe wetgewing poog om die gesondheidsorglandskap op sy kop te keer, maak AfriForum reg vir 'n regsgeding om hierdie planne te stuit (sien bl. 24 tot 25); en wanneer jongmense gemuilband word omdat hulle opstaan vir dit wat reg is, pak AfriForum saam die stryd aan vir geregtigheid (lees Shaun Christie se verhaal op bl. 47).

In hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* verklaar ons prontuit – AfriForum maak só! Lees, kyk en luister (ja, luister!) hoe AfriForum opbou, herbou en nuut bou. (Kyk uit vir die toevoeging van QR-kodes in hierdie uitgawe. Kry jou selfoon gereed, skandeer bloot die kode en ontdek 'n verdere wêreld van klank, musiek en nuus.)

Lekker lees!
**Ilze**

MENGSEL Papier van verantwoordelike bronne FSC® C022948

Volhoubaarheid van ons natuurlike hulpbronne is vir AfriForum baie belangrik en daarom het ons besluit om voortaan slegs papier te gebruik wat plaaslik en op 'n volhoubare en verantwoordelike wyse verkry en vervaardig is. Net soos ons oorlewing, taal en erfenis vir AfriForum ononderhandelbaar is, wil ons ook die mooi om ons vir ons nageslag bewaar en behoue laat bly. Nóg 'n manier waarop AfriForum langtermynwaarde vir ons lede én die land ontsluit.

# AfriForum maak só!

Deur Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum | Foto's: Reint Dykema, Philip Robinson, Okay Dear en argief

Die nuwe musiekblyspel *Die Afrikaner maak so* kom in Oktober vanjaar op die planke by AfriForum Teater. Die temalied daarvan het reeds trefferstatus bereik. Dié teaterproduksie van AfriForum en die span van Inhoud Huis Musiek volg op suksesvolle musiekblyspele soos *Die Gelofte: 'n Musiekblyspel* en *Die Kaplyn* wat die afgelope twee jaar uit hierdie samewerking gebore is.

*Die Afrikaner maak so*-musiekblyspel speel af teen die agtergrond van die uitdagings wat ons voorgeslagte beleef het, hoe ons voorgeslagte verantwoordelikheid geneem het vir die uitdagings van hul tyd en hoe ons die toekoms bou.

## ONS NEEM OOK VERANTWOORDELIKHEID VIR ONS EIE TYD

As organisasie staan AfriForum nie los van die brug wat ons geslag tussen ons en ons voorgeslagte moet bou nie. Inteendeel, ons neem ons verantwoordelikheid op. Soos wyle prof. Carel Boshoff gesê het dat "elke geslag verantwoordelikheid vir sy eie tyd moet neem", neem AfriForum en die ander instellings van die Solidariteit Beweging, net soos ons voorgeslagte, verantwoordelikheid vir ons eie tyd.

Ons onderskryf die standpunt wat die denker Edmund Burke in die 18de eeu gestel het dat die samelewing "'n kontrak is tussen dié wat reeds dood is, dié wat lewe en dié wat nog gebore moet word".

Só neem ons, soos Oom Paul Kruger dit gestel het, dit wat goed is uit die verlede en bou ons die toekoms daarop. Dit is vernuwend-konserwatief. Ons klou nie naarstiglik vas aan die verlede nie, maar neem (soos Kruger sê) die goeie uit die verlede en bou op vernuwende wyse die toekoms daarop deur die nuwe omstandighede en uitdagings van ons tyd in ag te neem. Vernuwend-konserwatief beteken ook dat ons wedersydse erkenning en respek tussen die onderskeie volke en kultuurgroepe in die land bevorder.

In hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* met die tema "AfriForum maak só!" sal jy talle voorbeelde kry van hoe AfriForum die bul by die horings pak om op vele terreine, binne die uitdagings van ons tyd, te bou aan 'n hede én toekoms waarin ons, ons gemeenskappe en nageslag blywend vry, veilig en voorspoedig kan leef hier aan die suidpunt van Afrika.

## ONS VOORGESLAGTE SE VOORBEELD

Dit is onmoontlik om in hierdie artikel te wys op al die voorbeelde van hoe ons voorgeslagte verantwoordelikheid vir hul eie tyd geneem het om oplossings te soek. Daar kan wel na enkele voorbeelde verwys word.

Die ontberinge wat ons voorgeslagte in die eerste helfte van die 1800's onder Britse heerskappy en aanvalle op die Oosgrens beleef het, het tot gevolg gehad dat 'n kerngroep mense hul toekoms in hul eie hande geneem het deur die Groot Trek aan te pak. Dit was nie maklik nie, maar met genade van Bo en deursettingsvermoë het dit tot gevolg gehad dat onafhanklike republieke in die sentrale en noordelike dele van die land tot stand kon kom



Kallie Kriel

waarbinne 'n toekoms gebou kon word.

Ná die terugslag met die verlies aan die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) se vryheid, het ons voorgeslagte nie gaan lê nie en het hulle die Eerste Vryheidsoorlog met sukses aangepak om hul vryheid terug te wen.

Ook ná verdere terugslae tydens die Anglo-Boereoorlog, die dood van duisende vroue en kinders in konsentrasiekampe en die verwoestende verskroeideaardebeleid, het ons voorgeslagte nogmaals nie tou opgegooi nie. Deur hul roeping in hul tyd op te neem, het hulle gebou aan die vestiging van Afrikaanse skole te midde van die Britte se verengelsingsbeleid.

Met die vestiging van die Helpmekaar Beweging ná die Rebellie van 1914 het ons voorgeslagte nie net die basis geskep vir die opheffing van arm Afrikaners nie, maar ook vir vooruitgang. Met 'n "ons sal self"-ingesteldheid het ons voorgeslagte gebou om voorspoed te bou deur instellings soos AVBOB, Volkskas, Sanlam, Santam en vele meer te vestig.

Ons voorgeslagte was natuurlik nie perfek nie. Uiteindelik was die basis waarop die land met ywer gebou is weens die demografiese werklikhede en morele vraagstukke van minderheidsoorheersing wat mettertyd ontstaan het, onvolhoubaar.

> "Ons het hoop vir die toekoms …

## NÁ TERUGSLAE BOU ONS WEER!

Ons voorgeslagte het telkens die deursettingsvermoë en roepingsbesef gehad om te midde van terugslae nie boedel oor te gee nie, maar om opnuut te bou.

Dié ingesteldheid is op 3 Augustus 1930, op die vooraand van die ingebruikneming van die Potchefstroom Universiteitskollege (PUK) se hoofgebou, goed verwoord toe Totius gesê het: "Werklik, as dié inrigting (die PUK) sou moes opgehef word, wat moet ons dan begin? Net maar wéér een oprig – dit is al wat ons sou kon doen!"

Hierdie kanniedood-ingesteldheid word ook treffend vervat in 'n brief wat 'n onbekende Boervrou op 4 Augustus 1902 geskryf het toe sy ná die Anglo-Boereoorlog na haar plaas teruggekeer het. Sy het geskryf: "Daar is nou vrede in die land, maar nie soos ons verwag het nie. Die twee klein Republieke bestaan nie meer nie. Almal van ons, het ons wapens afgegee. Maar ons moenie treur soos een wat geen hoop het nie. Ons moet glo en hoop en vertrou. Ons besit op die oomblik vier perde, twee muile en 'n paar skape. Gister het ek 'n emmer koring gesaai. Sodra ek kan, sal ek nog saai en plant. As Pa van Ceylon af terugkom, sal ons spoedig weer 'n boerdery op die been kan bring."

## AFRIFORUM MAAK SÓ – ONS BOU WEER!

Wanneer AfriForum en die Solidariteit Beweging weer bou, doen ons dit nie blindelings of sonder beplanning nie. Ons doen dit ook nie met 'n fatalistiese ingesteldheid, dat dit 'n gegewe is dat ons dit wat ons opbou weer sal verloor, nie. Daarom moet ons deeglik kennis neem van wat tot die terugslae van die verlede gelei het, daaruit leer en vernuwend na nuwe metodes kyk om vir ons gemeenskappe 'n volhoubare toekoms te bou.


Om volhoubaar te bou, moet ons pogings die morele hoë grond behou en op deeglike ontledings en beplanning geskoei wees. Ons moet ook in nederigheid besef dat sukses slegs met harde werk bereik kan word en afhanklik is van baie genade van Bo.

Ons het hoop vir die toekoms en kan dankbaar wees dat ons reeds oor die afgelope twee dekades 'n stewige grondslag gelê het waarop AfriForum en ander instellings van die Solidariteit Beweging kan voortbou. Ons het die wete dat suksesverhale soos Akademia, Sol-Tech en AfriForum se 174 buurtwagte net enkele voorbeelde is van wat reeds in die praktyk as moontlik bewys is.

Ons het dus niks om te vrees nie, solank ons die vermoë behou om te bou. Daarom maak AfriForum só: Ons bou …

AfriForum het vroeër vanjaar sy agtiende bestaansjaar gevier. Van links na regs is **Jacques Broodryk**, **William Waugh**, **Kallie Kriel**, **Linda Cronjé** en **Alana Bailey**.





Paul Kruger




**Jacob de Villiers**, later bekend as Japie Helpmekaar, het ná die Rebellie van 1914 £500 vir die Helpmekaarfonds geskenk.




Instellings soos Akademia vervul 'n onontbeerlike rol in Afrikaanse opleiding.



# AfriForum *maak só!* ... met kultuur en erfenis

Deur Alana Bailey – hoof van Kultuursake by AfriForum | Foto's: Marthinus Koekemoer en Alana Bailey

Baie mense dink die woord "kultuur" verwys na dít wat by kunstefeeste plaasvind: die musiek, dans, toneelopvoerings, skilderye, voordragte ...

Kultuur beteken egter nie net dít nie, maar verwys na alle geestelike, materiële, intellektuele en emosionele kenmerke van 'n individu, gemeenskap of groep. "Kultuur" is die resultaat van die geestelike of fisiese arbeid van mense, terwyl "natuur" na die skepping van God verwys.

AfriForum fokus veral op Afrikanerkultuur, maar omdat ons as burgerregteorganisasie kulturele regte oor die algemeen bevorder, is dit nie 'n eksklusiewe fokus nie. Dit is regte wat ons saam met ander gemeenskappe wil verwerklik, nie alleen in afsondering nie.

AfriForum beywer ons daarvoor dat Afrikaners vry, veilig en voorspoedig aan die suidpunt van Afrika moet kan voortbestaan, maar ook as Afrikaners hulle elders bevind, nog steeds bande met ons kultuur kan behou. Dit veronderstel dat ons weet wie ons is, wat van ons 'n gemeenskap maak en dat ons ons unieke identiteit en kultuur met selfvertroue en gesonde trots sal opeis. Ons vra nie bevoordeling of meer regte as enige ander gemeenskap nie, maar kan ook nie ons kultuurregte prysgee bloot omdat ander gemeenskappe nie húlle regte opeis nie.

Debatte oor die Afrikaner Verklaring wat in April 2024 onderteken is, het dit duidelik gemaak dat Suid-Afrikaners baie vreemde idees oor kultuur, soos wat dit in ons identiteit sigbaar word, koester.

Een daarvan is dat enige uitdrukking van eie identiteit gelykstaande aan toksiese nasionalisme is. Om te kan floreer, meen hierdie groep kritici, is dit nodig dat mense een groot homogene massa moet wees. Ironies genoeg ignoreer hierdie argument die leuse van die land wat diegene dink hulle dien. Dit vier juis eenheid in diversiteit.

Dan is daar ook die werklikheid dat alle mense identiteite het. Niemand is tot een identiteit beperk nie. Sou 'n mens probeer om sonder identiteite deur die lewe te dryf, is die gevaar dat ander mense jou gaan identifiseer, ongeag of jy daarmee gemaklik is of nie, en dat dit dan moeilik gaan wees om etikette af te skud waarmee jy nie assosieer nie.

Die kritici van mense wat hulleself Afrikaners noem, is ook dikwels mense wat reis om ander kulture te beleef, en geen probleem het met meeste Westerse wêreldstede soos Antwerpen, Amsterdam, New York en San Francisco wat elk 'n Chinatown het waar daar selfs Chinese straatnaamborde is nie. Hierdie uitdrukking van 'n nasionale identiteit word deur hulle as toerisme-aantreklikheid beleef, maar wee 'n Afrikaner wat vra waarom padpredikante in Suid-Afrika deesdae slegs Engels is. Jy word dan maklik neerhalend of meerderwaardig behandel. Daar is selfs Afrikaanssprekendes wat inkoop in dié mening en voorgee dat hulle eintlik Engels is, soms met komiese gevolge wanneer hulle swak Engels praat of skryf ...

Nog 'n drogredenasie is dat gedwonge samesyn liefde gaan skep. Panyaza Lesufi is een van die mense wat die teorie graag verkondig en senior amptenare van die Departement van Basiese Onderwys koop ook graag hierby in. Dit behels dat die enigste manier waarop verskillende kultuurgemeenskappe in vrede sal kan saamleef, sal wees as almal van jongs af saam in skole geakkommodeer word. Mense se wêreldbeskouing word egter gevorm deur die waardes waarmee hulle grootgemaak word en nie die mense met wie hulle spasies deel nie. Niks skep vinniger spanning as wanneer 'n kultuurgemeenskap onder druk geplaas word nie. Met dubbel- en parallelmediumskole is dit ongelukkig wat herhaaldelik gebeur.


AfriForum se teenboeliespan by Diazville Primary School. **Gerard Brune** (AfriForum se Weskus-tak), **Lorenzo Williams**, **Matteus** en **Tania Scheepers**.

Wanneer AfriForum ons met kultuur besighou, gee ons aandag aan die skep, bewaar en oordra van alle aspekte van veral Afrikanerkultuur.

Die afgelope maande het ons dit gedoen met 'n wye reeks aksies om te verseker dat ons hierdie rol speel.

Die mees sigbare aksie is waarskynlik AfriForum se deurlopende teenstand teen die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette (die sogenaamde Bela-wetsontwerp). Hierdie teenkanting teen die ideologies geïnspireerde inhoud van die wet wat groter owerheidsbeheer en minder magte vir skole se beheerliggame probeer deurvoer, veral wat die finale besluit oor taal- en toelatingsbeleide betref, kom al van 2017 af. Tans is AfriForum se regspan gereed vir aksie, wat ook al die volgende stappe mag wees in die proses om dit deur te voer en te implementeer.


Alana Bailey

Daar word verder nie net op aksies van owerhede gefokus nie, maar die jeug word ook toegerus om met krag van Bo self aan 'n eie toekoms te bou. Met AfriForum se Dink of Sink- onvoorbereide debatskompetisies leer deelnemende jongmense van laerskool tot op universiteit om op hulle voete te dink oor sake van die dag en met selfvertroue standpunte in te neem. Die Besigheidsbytjies-kompetisie vir skoliere moedig deelnemers aan om hulle entrepreneursvaardighede te ontwikkel en leer hulle die basiese beginsels daarvan om 'n eie onderneming te vestig. Die Teenboelieveldtog help kinders om waardegedrewe lewens te leef. Ons bied ook finansiële steun aan die Rapportryers se jaarlikse Bybelvasvra. Dit is maar enkele van die onderwysprojekte wat AfriForum aanbied.

Ons dra by tot erfenisbewaringsprojekte en deur middel van 'n nuwe reeks op *Forum Nuus*, Erfenisjuwele, maak ons die publiek bewus van kultuurhistoriese skatte in hulle omgewing en die merkwaardige vrywilligers wat dit restoureer, in stand hou en finansieel onafhanklik probeer bestuur. AfriForum is byvoorbeeld een van 'n groep organisasies wat die Heldeakker en res van Kerkstraatbegraafplaas in Pretoria opknap. Hier is van die mees bekende Afrikaners begrawe – van leiers soos Paul Kruger tot letterkundiges soos Eugène Marais.

Mostert se meule (gebou in 1796) in Kaapstad is in April 2021 in 'n brand beskadig. AfriForum het bygedra tot die fonds wat vir die herstel van die meule op die been gebring is.



Min mense het nie vriende of familie in die buiteland nie en deur AfriForum se betrokkenheid by byeenkomste soos musiekkonserte en kerkbasaars oorsee, asook deur sosialemediakanale propvol interessante vertellings en noodsaaklike inligting, bied ons met AfriForum Wêreldwyd al sedert 2005 'n virtuele tuiskomplek vir ons mense buite die landsgrense.


Fort Klapperkop in Pretoria is nog 'n belangrike erfenisterrein waarby AfriForum betrokke is met opknapping en beveiliging van die terrein. Planne om die geskiedenis van Fort Klapperkop meer toeganklik vir besoekers te maak is ook aan die kom.

AfriForum maak só om ons kultuur sterk en gesond te hou as basis vir ons identiteit. Enigeen is welkom om by ons werksaamhede in te skakel en self te help bou aan ons toekoms.

"Ons vra nie bevoordeling of meer regte as enige ander gemeenskap nie, maar kan ook nie ons kultuurregte prysgee bloot omdat ander gemeenskappe nie húlle regte opeis nie.



# Die Afrikaner maak (weer en weer) só

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto's: Philip Robinson

Sedert die musiekvideo van die liedjie "Die Afrikaner maak so" in Januarie op YouTube gelaai is, is dit reeds meer as 2,2 miljoen keer gekyk. Twee van Afrikaans se mees geliefde en suksesvolle sangers, Bernice West en Bok van Blerk, het duidelik 'n aar raak geboor met hierdie liedjie wat Afrikaners behoorlik gaande het.

Teen die begin van Mei was dié liedjie reeds vir 15 ononderbroke weke lank op die Maroela Media Afrikaanse Top-20 wat data van stromingsdienste soos Apple Music en Spotify, kykbeurte op YouTube én radiospeeltyd in ag neem. Kort nadat dit op die radar van Afrikaanse musiekliefhebbers gekom het, kon luisteraars duidelik nie genoeg daarvan kry nie en daarom het dit bykans uit die niet op 30 Januarie vir die eerste keer op Maroela se top-20-lys verskyn – in die sesde plek. Hier het dit weke lank geboer in die top-10 en is later vir drie weke lank net-net laer op die ranglys geplaas voordat dit weer hernieude belangstelling gewek en teen die einde van April weer stewig in die top-10 geland het.

Maar hoekom dié belangstelling? Is dit die sangers, die ritme, die woorde of die hele pakkie wat mense teruglok om weer en weer en weer dié lied te luister en uit volle bors saam te sing?

## DIE VOLGENDE HOOFSTUK VAN DIE DE LA REY-GENERASIE

In 'n meestersgraadstudie wat 'n dekade gelede aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) voltooi is, skryf die navorser Wendy Nell dat Van Blerk se destydse trefferlied "De la Rey", wat in 2006 vrygestel is, die sogenaamde De la Rey-generasie ingelui het. Die land was in rep en roer en selfs in die Engelse media is oor die lied gegons. Een koerantopskrif uit die tyd het byvoorbeeld dié verwikkeling in Afrikaanse musiek raak beskryf: "Afrikaners take music into daring new field."

Die Afrikaanse skrywer en sanger Koos Kombuis het Van Blerk as die gesig van 'n nuwe musiekbeweging beskryf en dit vergelyk met Johannes Kerkorrel wat die gesig van die Voëlvrybeweging van die 1980's was. "Die jeug het weer iets om te sê," het Kombuis in 2008 verklaar.

Maar hierdie is 2024. Het die jeug dan intussen grootgeword?

## DIE MAN MET DIE PEN IN DIE HAND

Die uitdrukking "die pen is magtiger as die swaard" is dalk in die geval van liedjies soos "De la Rey" en nou ook "Die Afrikaner maak so" waar. En die man met die pen in die hand in beide hierdie liedjies se geval is die sanger-liedjieskrywer en akteur Johan Vorster (Sean Else was wel medeskrywer van "De la Rey"). Vorster, wat jarelank as lid van die Afrikaanse groep Eden opgetree het, is onder meer ook die skrywer van ander treffers soos "Tyd om te trek" – nóg 'n groot lied vir Van Blerk uit 2009.

In 2007 het Else en Vorster in 'n onderhoud verklaar dat "De la Rey" nie 'n politieke lied is nie, maar wel bedoel is om 'n deel van Afrikaanssprekendes se geskiedenis te weerspieël.

Hoewel "Die Afrikaner maak so" al in sekere kringe beskryf is as 'n "strydlied", stel West dit duidelik dat dit nie die geval is nie. Vir haar gaan dit nie oor stryd nie, maar veel eerder oor 'n viering. "Ek sal dit beskryf as 'n viering van wie ons is, hoe ons is en dat ons nie moet vergeet waar ons krag vandaan kom nie," verduidelik sy.

Van Blerk stem saam en benadruk dat dié liedjie geen verskuilde agendas het nie en veel eerder 'n viering van goeie Afrikanerwaardes is en "om ons te herinner wat regtig belangrik is".



'n Bok (of is die nou bokke?) vir sports! **Bok van Blerk** en **Bernice West** in 'n ligte luim tydens die musiekvideo se opname.



Pure Afrikanerpret en -plesier tydens die opname van "Die Afrikaner maak so"-musiekvideo.

> "Die Afrikaner maak so, hy weet sy krag kom van Bo!

## AFRIKANERSKAP

"Die Afrikaner maak so" pak een vir een elemente uit wat aspekte van die Afrikaner se kulturele identiteit verwoord. Hoewel die musiek opgewek is, raak die woorde aan talle dieper vraagstukke soos die Afrikaner wat telkens as sondebok gebrandmerk word, die behoud en beskerming van Afrikaans, geloof as anker en die kwessie van verraad onder lede van die Afrikanergemeenskap.

En hoe "maak" die Afrikaner? Hy maak altyd 'n plan, stel Van Blerk dit prontuit, en voeg by dat hardwerkendheid, selfstandigheid en innovasie kosbare kenmerke van dié kultuurgroep is. Vir dié hardebaard is Afrikanerskap ook nie iets wat sondermeer opgegee kan word nie. Hy vergelyk die omarming van sy kulturele identiteit met daardie een ding wat Afrikaners se harte laat warm klop – rugby. "As die Blou Bulle 'n slegte seisoen het, kan ek nie oor die draad spring nie. Ek is in Pretoria gebore, so ek moet maar saam deur die goeie én die slegte jare – dit wys karakter."

Hoewel die term "Afrikaner" reeds jare lank vir talle 'n ongemaklike begrip was, is dit duidelik dat 'n selfs jonger generasie weer met trots hierdie identeit aangryp.

Die 23-jarige West beskou haarself "beslis" as 'n Afrikaner, maar verduidelik dat om 'n Afrikaner te wees iets is waaroor elkeen self moet besluit. "Dit lê absoluut in jou eie hande. In my opinie beteken die woord minder as die daad. Mense heg onvergeetlike en onsmaaklike herinneringe aan verskeie woorde, maar dit is uiteindelik jou eie interpretasie van wat 'n Afrikaner is en of jy daarmee vereenselwig," verduidelik sy.

Vir haar is Afrikaner-wees gekoppel aan verskeie waardes soos durf en daad, eerlikheid en opregtheid. Afrikanerskap is vir haar ook "koeksisters, pannekoek, koffie, kaalvoet-kindwees en die Here wat in ons moedertaal geloof word".

## "BOK-EN-BERNICE-MANIA"?

In 'n artikel oor die sogenaamde "De la Rey-fenomeen" het die gerekende historikus Albert Grundlingh geskryf oor die "kultusstatus" wat daardie lied behaal het en aanhangers se reaksie op die lied en die sanger as "Bokmania" bestempel. Om te bepaal of Van Blerk weer hierdie status bereik het met "Die Afrikaner maak so" is dalk nog te vroeg om te sê, maar die Bok-en-Bernice-kombinasie werk beslis.

Dit is die jong West se eerste duet met die gesoute en hardebaard Van Blerk, wat al verskeie liedere oor die Afrikaner se taal en kultuur die lig laat sien het. Dink maar aan "Sing, Afrikaner, sing", "Afrikanerhart" en "My kreet".

West, wat in 2019 kykers aan haar lippe laat hang het in die talentkompetisie *Maak my famous*, het in 2020 gewys dat sy nie net 'n eendagvlieg-musikant is nie. Haar debuutenkelsnit "Sonopblom" is min of meer teen die middel van 2020 vrygestel en het aanhangers laat saamsing. Met "Lyfie", wat in 2022 vrygestel is, het sy die land laat saamdans en haar liefde vir God telkens onbeskaamd in haar musiek verklaar.

Met "Die Afrikaner maak so" doen West dit weer, maar hierdie keer saam met Van Blerk. Twee musiekvideo's van dié lied is al vrygestel. Die tweede is in Maart deur AfriForumTV op die Sol-Tech-kampus in Monumentpark verfilm en wys behoorlik hoe die Afrikaner "maak". In dié video neem Van Blerk en West self deel aan die pret van Afrikaners en so tussen die sakresies en toutrekkery deur klink die woorde van die lied vrolik op: "Die Afrikaner maak so, hy weet sy krag kom van Bo!"

Volgens Van Blerk het Vorster hom genader om die projek saam met West aan te pak. En vir dié geliefde sanger wat homself sonder skroom 'n Afrikaner noem, was die samewerking fantasties. Dit het aan hom die geleentheid gebied om te eksperimenteer met 'n produksie wat hy nie andersins op sy eie sou waag nie, verduidelik hy. "Ek is mal oor Bernice en die werk wat sy doen. Sy is uiters talentvol."

"Bok is 'n fees, ons het soveel pret gehad met die verfilming van beide musiekvideo's," verklaar West prontuit. "Die kombinasie (van haar en Bok) is nie wat enige iemand verwag het nie, maar toe werk dit soos 'n bom!"

### *Die Afrikaner maak so*-musiekblyspel binnekort op die planke

Teatergangers en musiekliefhebbers kan hul solank gereedmaak, want 'n nuwe, "lê-tot-jy-lag"-musiekblyspel *Die Afrikaner maak so* kom in Oktober op die planke by AfriForum Teater in Pretoria. Hoewel die span verantwoordelik vir die vervaardiging van die musiekblyspel nog nie veel wil verklap nie, kan uitgesien word na dieselfde gehalte akteurswerk en musiek waaraan teatergangers gewoond geraak het met *Die Gelofte: 'n Musiekblyspel* en *Die Kaplyn*. Soos dié suksesvolle musiekteaterstukke, is *Die Afrikaner maak so* 'n produksie uit die pen van skrywers Jannes Erasmus en Johan Vorster. Vorster en Jacomien de Wet is ook weer aan die stuur van lirieke en musiek.

Bernice West, wat in *Die Gelofte: 'n Musiekblyspel* die rol van Maria vertolk het, sal weer in *Die Afrikaner maak so* te sien wees.

En die storielyn? Iets nuuts wag beslis op teatergangers, want volgens Erasmus gaan dié blyspel die storie vertel van die laaste Afrikanergesin wat deur die BBC in 'n bunker opgespoor word. "Hulle word nou uitgestal in 'n museum ... en dit is waar die 'pawpaw' die waaier tref!"

Hou AfriForum en AfriForum Teater se webtuistes dop vir meer inligting oor dié unieke musiekblyspel.

KYK "DIE AFRIKANER MAAK SO"-MUSIEKVIDEO HIER.

# Bela-wetsontwerp: 'n Doodskoot vir Afrikaanse skole?

Redaksie en foto's deur Ilze Nieuwoudt

Terwyl die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette – beter bekend as die Bela-wetsontwerp – reeds jare lank gedebatteer, aangepas en heen-en-weer verwys word, en verskeie organisasies, insluitend AfriForum, sterk teenkanting teen die wetsontwerp bied, sit skoolgemeenskappe op hete kole oor die moontlike implikasies wat die implementering van dié wet op grondvlak kan hê.

Alana Bailey, AfriForum se hoof van Kultuursake, benadruk dat AfriForum se teenkanting teen die wetsontwerp multidimensioneel is, maar hoofsaaklik neerkom op die regering se poging om deur dié wetgewing beheerliggame van hul finale besluitnemingsmagte ingevolge skole se taal- en toelatingsbeleide te stroop. Met slim praatjies en woordgimnastiek het die Departement van Basiese Onderwys (DBO) boonop in die afgelope tyd probeer om hul sogenaamde toegewings in die aanpassings op die wetsontwerp aan die publiek te verkoop. "AfriForum word nie gerusgestel deur die wysigings nie," verduidelik Bailey.

### 'n Berekende aanval op skole

Volgens Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, is "die Bela-wetsontwerp 'n berekende aanval op Afrikaanse skole én ons kinders". Hy voer voorts aan dat die vernietiging van 'n kultuurgemeenskap se skole en die bedreiging van 'n kultuurgemeenskap internasionaal gereken word as 'n daad van kulturele etniese suiwering. Dit is juis die ANC-regering se bedoeling met die Bela-wetsontwerp, verduidelik Kriel. "Die ANC gebruik nie missiele en troepe om Afrikaanse ruimtes te beset nie. Hulle gebruik die Bela-wet en sodoende verbreek hulle die 1994-skikking gewetenloos," gaan hy voort.

> **"Met slim praatjies en woordgimnastiek het die Departement van Basiese Onderwys (DBO) boonop in die afgelope tyd probeer om hul sogenaamde toegewings in die aanpassings op die wetsontwerp aan die publiek te verkoop.**

Met die grondwetlike skikking wat in 1994 bereik is, is ooreengekom dat taal en kultuur in die nuwe bedeling beskerm sal word. Dit sou verdraagsaamheid en ruimte vir die behoud en ontwikkeling van Afrikaans en ander inheemse tale insluit. Die behoud van Afrikaans as akademiese en wetenskapstaal is in die skikking as 'n bate voorgehou en is boonop verskans in artikel 6 van die Grondwet. In dié artikel word die kritieke belang van taal vir Suid-Afrika duidelik.

Voorts stel die DBO dit in sy jaarlikse prestasieplan vir 2024/2025 dat die departement oortuig is dat leerders beter presteer as hulle in hul moedertaal onderrig word. Dié stelling strook egter nie met die ware toedrag van sake wat duidelik met die Bela-wetsontwerp beoog word nie. "Die Bela-wetsontwerp gaan dit vir die departement moontlik maak om skole voller te maak en die bestaande moedertaalonderrig in enige taal buiten Engels te vernietig met die drogredenasie dat kinders nie uitgesluit gaan word nie. In wese sluit Engelstalige onderrig 90% van die land se kinders uit omdat Engels nie hulle moedertaal is nie," verduidelik Bailey.

### Kwynende getalle

Die druk op Afrikaanse skole neem reeds etlike jare lank toe. Luidens navorsing wat die Skoleondersteuningsentrum (SOS) in 2021 vrygestel het, het die getal enkelmedium- Afrikaanse skole binne slegs agt jaar met 15% afgeneem. In 2012 was daar 1 531 enkelmedium-Afrikaanse skole, terwyl daar in 2020 net 1 303 was (hiervan was 94 boonop onafhanklike skole). Dit is nie duidelik hoe die situasie sedertdien verander het nie.

### Laat jou stem hoor

In Mei het die Nasionale Vergadering (NV) die wetsontwerp goedgekeur. Hoewel die ANC-gesinde amptenary gepoog het om die wetsontwerp voor die nasionale verkiesing finaal deur te druk, het dit nie gebeur nie. Die volgende stap is eintlik dat die wetsontwerp aan die president voorgelê word vir ondertekening, maar in die lig van die samestelling van 'n regering van nasionale eenheid was dit teen druktyd nog onduidelik of dié poging voortgesit sal word. AfriForum is egter gereed om die moontlike implementering van die Bela-wetsontwerp enduit te beveg vir so lank as wat dit 'n bedreiging vir die bestaan van Afrikaanse skole inhou.

Besoek **www.stopbela.co.za** om jou stem by AfriForum se stryd teen dié omstrede wetsontwerp te voeg.



### "EK IS 'N DONKIE"

AfriForum Jeug-lede het in April 'n protesaksie teen die omstrede Bela-wetsontwerp by die Uniegebou in Pretoria gehou en in 'n memorandum wat aan die Presidensie oorhandig is, daarop aangedring dat die wetsontwerp geskrap word. Protesteerders het swartborde met die woorde "I am a donkey" om hul nekke gedra omdat die Bela-wetsontwerp herinner aan die verengelsingsbeleid wat Britse owerhede kort ná die Anglo-Boereoorlog in skole toegepas het. As deel van dié beleid is kinders verneder indien hulle Afrikaans by die skool gepraat het. Bordjies waarop die woorde "I am a donkey, I spoke Dutch" aangebring is, is dan om dié kinders se nekke gehang in 'n poging om hulle te verengels. AfriForum Jeug beskou die Bela-wetsontwerp as 'n eietydse verengelsingsbeleid en 'n direkte aanval op moedertaalonderrig.




**Chamé Mostert**, AfriForum-veldtogbeampte, en **Louis Boshoff**, woordvoerder van AfriForum Jeug, tydens die protesaksie. Pres. Cyril Ramaphosa is hier uitgebeeld om met die destydse voorstander van die verengelsingsbeleid, lord Alfred Milner, vergelyk te word.

### WAT SÊ BEHEERLIGGAAMLEDE?

Marelie du Toit (skuilnaam), 'n beheerliggaamlid van 'n enkelmedium- Afrikaanse hoërskool in Pretoria, meen dat finale besluitnemingsregte rakende 'n skool se taal- en toelatingsbeleid steeds by beheerliggame moet berus omdat die "beheerliggaam eintlik die gemeenskap se belange op die hart dra". Die verlies aan kulturele identiteit wat die implementering van die Bela-wet tot gevolg kan hê, is vir haar 'n kommerwekkende komponent van die beoogde wet. "Taal en kultuur gaan hand aan hand. Dus het elke taal 'n groep wat sy eie kultuur het en sodra jy na Engels oorskakel, gaan die kinders nie meer daardie band met hul kultuur kan vorm nie ... en die taal wat hulle praat, of dit nou Afrikaans, Ndebele of Zoeloe is, sal uiteindelik só onderdruk word dat dit in sekere plekke van die land glad nie meer gepraat sal word nie. In die lang termyn gaan dit veroorsaak dat Engels alles gaan oorheers en dat ander tale en kulture heeltemal gaan wegkwyn oor 'n paar dekades van nou af."

Peet Vermaak (skuilnaam), 'n skoolhoof en beheerliggaamlid van 'n laerskool in die ooste van Gauteng, reken dat die stroping van ouers se besluitnemingsmag deur beheerliggame ook 'n ernstige invloed op skole se finansiële oorlewing kan hê en dat die motivering om skoolgeld te betaal met die aanvaarding van die Bela-wetsontwerp by die agterdeur sal uitgaan. "Die hele doel van beheerliggame is juis vir ouers om in 'n mate 'n sê in die skool te hê en die skool te verbeter, maar as ek ('n ouer) nie die taalbeleid kan bepaal nie, hoekom moet ek betaal?" 'n Verlies aan inkomste sal 'n direkte invloed op die befondsing van beheerliggaamposte hê en uiteindelik tot groter getalle leerders per klas lei.

Vermaak voer voorts aan dat moedertaalonderrig op minstens primêre vlak noodsaaklik is. "As 'n kind nie verstaan wat hy doen nie, het hy klaar 'n agterstand." Hy verduidelik ook dat 'n toelatingsbeleid nie noodwendig as 'n taal- of rassekwessie beskou moet word nie, maar dat so 'n beleid ook deur 'n beheerliggaam toegepas kan word om te verseker dat bepaalde waardes in 'n skool behou kan word.




Meer as 100 vrywilligers het opgedaag om die begraafplaas op Krugersdorp skoon te maak.

# AfriForum-takke *maak só*

Saamgestel deur Marthinus Koekemoer | Foto's: Verskaf

## Noordstreek

### GAUTENG

**Noord van die berg:** Die tak se tuinspan het bykans 5 000 swartsakke vullis in drie maande opgetel.
**Bronkhorstspruit:** Die tak het volgehoue druk op die Tshwane-metro toegepas wat daartoe gelei het dat 41 straatligte herstel en 62 slaggate opgevul is.
**Groter Moot:** Die tak se buurtspan het meer as 1 100 manure met bossiekappers in die hand bestee.
**Moreletapark:** Die tak het 'n ooreenkoms met Wingate Park-gholflandgoed aangegaan om paaie rondom dié landgoed in stand te hou. Verkeerstrepe is onder meer oorgeverf en slaggate is opgevul.
**Wes-Moot:** Die buurtwag het in samewerking met verskeie rolspelers talle veiligheidsoperasies in die gebied gehou.
**Apiesrivier:** Die buurtwag het nommerplaatherkenningskameras opgerig.
**Centurion:** Die tak het twee Amerikaanse groepe verwelkom wat meer kom leer het oor hoe om herwinningsprojekte te bestuur.
**Pionier:** Taklede het straatligte in Silverton en Murrayfield herstel.
**Krugersdorp:** Die tak het saam met gemeenskapslede 'n skoonmaakprojek by die Sterkfontein-begraafplaas gehou.
**Randfontein:** Die buurtwag het 'n skoonmaakprojek by 'n substasie gehou.
**Vanderbijlpark:** Taklede het Phoenixpark se gras gesny en vullis opgetel ter voorbereiding vir 'n pretdraf wat daar gehou is.
**Midvaal:** Die buurtwag het verskeie operasies saam met die SAPD aangepak.
**Roodepoort:** Die buurtwag het 'n hommeltuig aangeskaf wat vir misdaadbekamping aangewend sal word.
**Alberton:** Die tak het 'n slaggatherstelprojek in Mayberrypark van stapel gestuur waartydens 30 slaggate opgevul is.
**Brakpan:** Die buurtwag het saam met die SAPD aan 'n suksesvolle operasie deelgeneem waartydens padblokkades gelyktydig aan weerskante van die N17-snelweg gehou is.
**Benoni:** Taklede het hul gemeenskapsbeheerkamer, wat talle nommerplaatherkenningskameras huisves, ingerig.
**Boksburg:** Buurtwaglede het noodhulp toegepas op lede van 'n plaaslike sekuriteitsmaatskappy nadat hulle in die spervuur van 'n gewapende rooftog beland en skietwonde opgedoen het.
**Edenvale:** Die buurtwag het gemeenskapslede te hulp gesnel nadat hul voertuig gekaap is.
**Kempton Park:** Die buurtwag het saam met die SAPD gewerk om 'n Toyota Hilux, wat in Glen Marais gesteel is, op te spoor.
**Springs:** Die tak se tuinspan het 'n suksesvolle skoonmaakprojek by die Residentia-aftreeoord gehou.

### MPUMALANGA

**Bethal:** Die tak se noodwaterpunt by die Afrikaanse Christelike Kerk, asook die nuwe noodwaterpunt by die Gereformeerde Kerk is deur inwoners benut tydens 'n onlangse waterkrisis op die dorp.
**Teks (Trichardt, Evander, Kinross en Secunda):** Die tak het 'n skoonmaakprojek by die Davieshof-sentrum voltooi.
**Delmas:** Die tak het mediese ondersteuning gebied op vier ongelukstonele, asook by drie ander voorvalle.
**Piet Retief:** Die buurtwag het suksesvolle OPS-patrollies gehou.
**Standerton:** Die tak het die gras op die terrein van die Voetsporemonument gesny en weggery.
**Nelspruit:** Taklede het die Steiltes-natuurreservaat skoongemaak.
**Ermelo:** Die buurtwag het verskeie strate in Chrissiesmeer skoongemaak sodat die dorp netjieser vertoon.
**Witrivier:** Die buurtwag se herhaler is met 4 m gelig om beter radiokommunikasie teweeg te bring.
**Lydenburg:** Taklede het 26 nuwe straatnaamborde in die dorp opgerig om motoriste te help.
**Belfast:** Die tak het 'n addisionele 10 000 liter-watertenk by een van sy huidige noodwaterpunte opgerig.
**Dullstroom:** Die tak het ses sonkragligte in die dorp opgerig.

### LIMPOPO

**Naboomspruit:** Die buurtwag het in samewerking met AfriForum se Potgietersrus-buurtwag 'n motorbandesindikaat vasgetrek.
**Warmbad:** Taklede het Apiesdoringpark skoongemaak.
**Phalaborwa:** Die tak het kos aan 'n plaaslike ouetehuis geskenk.
**Potgietersrus:** Die buurtwag het die Hoërskool Piet Potgieter beveilig tydens betogings deur ondersteuners van die EFF.
**Groblersdal:** Die tak het skietopleiding vir sy lede aangebied.
**Marble Hall:** Die buurtwag het 'n heining tussen die onwettige plakkerskamp en die dorp gespan.
**Messina:** Die buurtwag het die begraafplaas op Sondae beveilig sodat die publiek grafte kon besoek.
**Thabazimbi:** Die tak het straatname op randstene aangebring.
**Ellisras:** Buurtwaglede het 'n boom verwyder wat ná 'n storm in die woongebied omgeval het.




Nuwe straatnaamborde is in Lydenburg opgerig.



Slaggate is rondom Wingate Park-gholflandgoed opgevul



Thys Blom, projekleier by AfriForum se Krugersdorp-tak.



Rustenburg-parke is onderhou.

## Sentraalstreek

### NOORDWES

**Klerksdorp:** Taklede het gehelp met buurtvernuwingsprojekte in La Hoff en Doringkruin.
**Potchefstroom:** Die buurtwag het gehelp om verdagte persone op te spoor, asook gekaapte voertuie terug te vind.
**Rustenburg:** Die tak het voortgegaan met die sny van gras op verskeie plekke in die dorp.
**Lichtenburg:** Die tak het 'n groot slaggatherstelprojek in Breëstraat afgehandel. Taklede het 30 ton teer gebruik om 284 slaggate op te vul.
**Vryburg:** Taklede het die konsentrasiekampbegraafplaas se gras gesny, ses leë erwe skoongemaak, die grasveld langs die Tosca-pad gesny, asook die hospitaal se gras gesny om dit makliker te maak vir die helikopter om te land.



Protospanopleiding



Phoenixpark tydens 'n skoonmaakaksie.




Vrywilligers by Phoenixpark.



Lede van AfriForum se Winterberg-plaaswag en Walker Drive-buurtwag saam met die SAPD.



AfriForum-lede ontvang protospanopleiding.

## VRYSTAAT

**Bothaville:** Buurtwaglede het die SAPD gehelp om kabeldiewe aan te keer.
**Parys:** Die tak het voortdurend druk op die munisipaliteit geplaas om oplossings te vind vir die voortslepende water- en kragkrisis in die dorp.
**Sasolburg:** Die buurtwag het elke Sondag die plaaslike begraafplaas vir twee ure lank beveilig sodat inwoners hul afgestorwe geliefdes se grafte kon besoek.
**Viljoenskroon:** Taklede het die dorpsingang vanaf Kroonstad opgeknap deur gras te sny en die verkeersirkels skoon te maak.
**Bethlehem:** Die buurtwag het in samewerking met die SAPD 'n huisbraaksindikaat vasgetrek.
**Frankfort:** Die tak het voortgegaan met verskeie aksies en hofsake teen die Mafube Plaaslike Munisipaliteit.
**Kroonstad:** Die tak het in samewerking met die FAK die konsentrasiekampterrein skoongemaak.
**Steynsrus:** Die tak het die gemeenskap ondersteun deur water aan inwoners te voorsien tydens betogings wat die munisipaliteit verhoed het om basiese dienste te lewer.
**Pellissier:** Die buurtwag het 'n verdagte in samewerking met ITR Sekuriteit en die SAPD in hegtenis geneem; die gesteelde goedere is ook teruggevind.
**Wilgehof:** Buurtwaglede het 'n brand geblus in samewerking met die privaat sekuriteitsmaatskappy Bloemsec.
**Uitsig:** Danksy die buurtwag se aktiewe patrollies het inbrake in dié buurt drasties afgeneem. Daar is ook positiewe gesprekke hieroor met die SAPD en die Mangaung-metro gevoer.
**Hospitaalpark:** Die buurtwag het in samewerking met ITR Sekuriteit en die SAPD se blitspatrollie-eenheid gereageer nadat 'n verdagte persoon juweliersware gesteel het.
**Bloemfontein-Noord:** Die buurtwag het in samewerking met Bloemsec en die SAPD drie fietse ter waarde van R50 000 wat uit 'n erf in Bayswater gesteel is, help opspoor en die verdagtes aangekeer.
**Langenhovenpark:** Buurtwaglede het die Bainsvlei-polisiestasie se grasperk gesny op aanvraag van die stasiebevelvoerder.

## KWAZULU-NATAL

**Amanzimtoti:** Die tak het 'n gat in 'n parkeerterrein in Winklespruit herstel. Dít volg nadat die eThekwini-metro 'n waterlek reggemaak het, maar die gat nooit weer opgevul het nie.
**Durban-Wes:** Taklede het 'n 1 km lange sypaadjie op Mainweg in Queensburgh wat met rommel, onkruid en oorgroeide gras bedek was en die omgewing ontsier het, skoongemaak en opgeknap.
**Newcastle:** Verteenwoordigers van die tak het met die Newcastle Plaaslike Munisipaliteit vergader waartydens belangrike gemeenskapskwessies bespreek is.

# Suidstreek

## NOORD-KAAP

**Kamiesberg:** Die tak het 'n volhoubare projek van stapel gestuur om Kamieskroon en omliggende dorpe 24 uur per dag, sewe dae 'n week van drinkwater te voorsien met behulp van drie boorgatpompe wat AfriForum in die omgewing geïnstalleer het.
**Kakamas:** Die tak het ondersteuning gebied aan sekere gemeenskappe in Kakamas wat nie toegang tot drinkwater het nie deur 'n waterkar vir inwoners te reël.
**Kathu:** Taklede het die Hugenotemonument skoongemaak en die kruise wat langs die monument opgerig is, herstel.
**Keimoes:** Die Grootoog-buurtwag het water vir gemeenskapslede aangery in woonbuurte waar watertekorte voorgekom het.
**Kuruman:** Taklede het die beheerkamer se kameras herstel om te help met veiligheid in die dorp.
**Springbok:** Die tak het saam met die Nama Khoi Plaaslike Munisipaliteit gewerk om die plaaslike vullisterrein weer op standaard te bring.
**Upington:** Taklede het die tak se eerste nommerplaatherkenningskamera by die kruising van die N10-N14-hoofroete geïnstalleer.
**Williston:** Die tak het deurlopend water-, krag- en rioolprobleme aan die Karoo Hoogland Plaaslike Munisipaliteit se inbelsentrum deurgegee sodat herstelwerk kan plaasvind.
**De Aar, Hanover en Britstown (nie tans 'n aktiewe tak nie):** Danksy AfriForum se volgehoue druk op die Emthanjeni Plaaslike Munisipaliteit is nege nuwe boorgatpompe onlangs aangekoop om die watervolume in dié gemeenskappe te verhoog.
**Delportshoop:** Die tak het kameras aangekoop wat daartoe sal bydra om die dorp en sy inwoners te beveilig.
**Douglas:** Die tak het deurlopend water-, krag- en rioolprobleme aan die Dikgatlong Plaaslike Munisipaliteit se inbelsentrum deurgegee sodat herstelwerk kan plaasvind.
**Griekwastad:** AfriForum het watertoetse by 'n geakkrediteerde laboratorium laat doen om die gehalte van die dorp se drinkwater te bepaal.
**Kimberley:** Die tak het gereeld verskillende woonbuurte in die stad skoongemaak.
**Prieska:** Die tak het ligte en groente aan die plaaslike ouetehuis geskenk.

## OOS-KAAP

**Cradock:** Die tak se noodwatertenks is deur gemeenskapslede benut tydens wateronderbrekings op die dorp.
**Jeffreysbaai:** Taklede en bestuurslede van AfriForum-hoofkantoor het met die Kouga Plaaslike Munisipaliteit vergader oor die uitdagings wat bestaan met betrekking tot die dorp se wateraanlegte en hoe AfriForum hulle hierin kan ondersteun.
**Port Elizabeth:** Die Winterberg-plaaswag en Walker Drive-buurtwag het saamgewerk om 'n gesteelde vragmotor op te spoor, asook om die wegkommotor se bestuurder in hegtenis te neem. Hulle is ondersteun deur die Walker Drive-buurtwag se hommeltuigvlieënier.

## WES-KAAP

**De Doorns:** Buurtwaglede het die SAPD tydens 'n veiligheidsoperasie ondersteun deur hul hommeltuig in te span.
**Overstrand:** Alfa-buurtwaglede het die SAPD en wetstoepassingsowerhede gehelp met die bekamping van misdaad en die vastrek van onwettige stropers deur die beskikbaarstelling van hul hommeltuig.
**Paarl:** Die tak het 'n gratis werkswinkel oor selfverdediging aangebied wat deur sowel AfriForum-lede as lede van die publiek bygewoon is.
**Stellenbosch:** Die tak het aanhoudend druk op die Stellenbosch Plaaslike Munisipaliteit uitgeoefen rakende waterbesoedeling in die omgewing.
**Strand:** Lede van die buurtwag het aan die protospanopleiding deelgeneem en vlak 2-opleiding voltooi.
**George:** Die tak se jeugvleuel het 'n inligtingsessie oor slange gehou en interessante feite oor slange gedeel.
**Hessekwa:** Taklede het gehelp om 'n brand by die plaaslike vullisterrein te bestry.
**Knysna:** Die tak het sowel 'n buurtwagleier- as 'n operasionelespanleierkursus vir sy lede aangebied.
**Mosselbaai:** Die tak se jeugvleuel het 'n inligtingsdag oor wapenveiligheid en -bewustheid gehou.
**Oudtshoorn:** Taklede het bome gesnoei en strate skoongemaak.
**Swellendam:** Die buurtwag het in samewerking met die SAPD aan 'n massapatrollie in Barrydale deelgeneem.
**Durbanville:** Die tak het 'n heining om die Klein Phisantekraal Preprimêre Skool opgerig om leerders van dié skool te beveilig.
**Kaapstad-Noord:** Die Philippi-plaaswag het deurlopend patrollies gery en die SAPD tydens 'n operasie ondersteun. Plaaswaglede het die SAPD veral gehelp om bendegeweld te bekamp.
**Kraaifontein:** Taklede het aan 'n opknappingsprojek deelgeneem waartydens hulle parke skoongemaak het deur die gras te sny en vullis op te tel.
**Malmesbury:** Die buurtwag het sy hommeltuig aangewend om hulp te verleen aan die SAPD en ander statutêre magte tydens 'n optog in die dorp.
**Matzikama:** Die tak het sy lede gestuur vir protospan- en spanleiersopleiding.
**Weskus:** Taklede het gehelp om die poskantoor se lugversorgers te diens, terwyl hulle ook fondse ingesamel het vir 'n nuwe lugversorger.



Leerders aan die Laerskool Gordonsbaai leer hoe om met die brandslang te werk.

# AfriForum se noodwaterpunte kom tot talle se redding

Deur Marthinus Koekemoer | Foto's: Carina Bester



Die AfriForum-noodwaterpunt op Bethal bring verligting vir inwoners.

> "'n Fokusarea vir AfriForum is om die kapasiteit van noodwaterpunte in 2024 verder uit te brei.

Dienslewering in Suid-Afrika het 'n ongekende laagtepunt bereik. Verskeie dorpe loop gereeld deur onder kragonderbrekings, slaggate en dies meer, maar dit is wateronderbrekings wat een van die ernstigste probleme geword het. Verskeie dorpe, insluitend Parys en Bethal, is gereeld in die nuus oor die waterprobleme wat inwoners hier ondervind. AfriForum het reeds vyf jaar gelede besef dat die waterprobleem in die land net sal vererger en het daarom begin om met 'n reeks noodwaterpunte verligting te bring.

AfriForum het in 2019 by die Laerskool Pierneef in Pretoria die eerste van hierdie waterpunte opgerig. Daar is jaarliks landwyd, met die uitsondering van die Wes-Kaap, nóg noodwaterpunte aangebring met die totaal wat tans op nagenoeg 70 punte staan. Die kapasiteit van hierdie waterpunte wissel van 500 liter tot 100 000 liter. Die totale kapasiteit landwyd is tans nagenoeg 650 000 liter.

"Die noodwaterpunte word op verskillende maniere van water verskaf. Sommige word met munisipale water volgemaak, ander uit boorgate en daar is selfs boere wat op hul eie onkoste water van hul plase af na die waterpunte aanry," sê Marais de Vaal, AfriForum se raadgewer vir Omgewingsake.

"Gebruikers kan die water as gebruikswater aanwend. Die water kan byvoorbeeld aangewend word om in te bad of om wasgoed mee te was. As iemand dit sou wou drink moet dit eers gekook word," verduidelik De Vaal.

'n Fokusarea vir AfriForum is om die kapasiteit van noodwaterpunte in 2024 verder uit te brei. Die mikpunt is om ten minste 15 addisionele waterpunte in 2024 op te rig, maar takke word aangemoedig om te kyk of hulle selfs meer kan doen.

Volgens De Vaal befonds AfriForum-takke self die noodwaterpunte in hul omgewing. "Die gemeenskap is egter welkom om ons te kontak as hulle 'n behoefte aan 'n noodwaterpunt het."

'n Geskikte en veilige terrein is noodsaaklik vir die oprigting van 'n waterpunt. AfriForum-waterpunte is al by onder meer skole, kerke en selfs op privaat plase opgerig. Indien die waterpunt naby 'n waterbron opgerig kan word, sal dit ook voordelig wees.

"Die gemeenskap kan hul plaaslike AfriForum-tak kontak as hulle die moontlikheid van 'n noodwaterpunt wil bespreek. Indien daar dan 'n geskikte terrein en fondse by die plaaslike tak beskikbaar is, kan 'n ooreenkoms daarvoor aangegaan word. Indien die tak nie die nodige fondse het nie kan daar van hoofkantoor se kant af gekyk word of fondse op nasionale vlak beskikbaar gestel kan word vir die oprigting van die waterpunt," sluit De Vaal af.





# AfriForum "begrawe" swak dienslewering in Parys

Redaksie en foto deur Marthinus Koekemoer



Jean du Toit (Save Ngwathe), Jaco Grobbelaar (AfriForum), Karien du Plessis Viljoen (Save Ngwathe), Stuurman Busa (besorgde inwoner), Schalk Burger (AfriForum se Parys-tak) en Alta Pretorius (AfriForum) tydens die "begrafnis" vir dienslewering in Parys.

AfriForum het in April 'n denkbeeldige begrafnis vir dienslewering in Parys gehou. Dít volg in reaksie op die swak dienslewering waaronder dié dorp en verskeie ander in die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit deurloop.

"Ek werk al sedert 2019 in hierdie streek en van die begin af was daar groot probleme in Parys. Ons het al drie dringende hofsake gebring om die probleme te probeer pak, maar in elke geval het die hof beslis dat die saak nie dringend is nie. As daar gehoor gegee was, het die dorp dalk darem al teen hierdie tyd skoon water gehad," sê Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier.

Die munisipaliteit het hom boonop doof gehou vir verskeie versoeke om aandag aan die probleme op die dorp te gee. AfriForum en Save Ngwathe, 'n plaaslike drukgroep, het dus besluit om 'n denkbeeldige begrafnis, met 'n kis en al, vir dienslewering voor die munisipale kantoor in Parys te hou. Verskeie besorgde inwoners het ook vir die geleentheid opgedaag, maar steeds was daar nie 'n verteenwoordiger van die munisipaliteit wat AfriForum of Save Ngwathe te woord gestaan het nie.

"Ons het nog verlede jaar gereeld vergaderings met die munisipaliteit gehad om na oplossings vir die dorp se probleme te soek, maar sy verteenwoordiger het later net nie meer vir die vergaderings opgedaag nie. Ons het aangebied om hulle te help om 'n klagtebank op die been te bring, maar ná hulle aanvanklik te vinde was vir die idee, het daar ook niks van gekom nie," sê Karien du Plessis Viljoen, verteenwoordiger van Save Ngwathe.

Intussen moet inwoners van Parys soms vir dae of selfs weke op 'n slag sonder elektrisiteit of water in hul krane oor die weg kom. Dié probleme is volgens Pretorius ook net die spreekwoordelike oortjies van die seekoei.

"Wat die kragnetwerk betref, is onderhoudswerk net nie gedoen nie. Daar is vandalisme en diefstal, onwettige aansluitings en reuseskuld aan Eskom wat ernstige probleme veroorsaak. As daar nie elektrisiteit is nie, kan water nie gepomp word nie en kort voor lank dan is die krane ook droog. Waterinfrastruktuur word ook nie behoorlik onderhou nie en die watersuiweringsaanleg is in 'n haglike toestand," sê Pretorius.

Die munisipaliteit se onvermoë om veilige drinkwater aan die nagenoeg 50 000 inwoners van Parys, Tumahole en Schonkenville te lewer, het sedertdien die situasie op dié Vrystaatse dorp laat oorkook.

Sowel AfriForum as die gemeenskapsorganisasies Save Ngwathe en Metsi Pompong, asook ontstoke gemeenskapslede van Parys, Tumahole en Schonkenville het daarom in Mei na die munisipale kantoor in Parys opgeruk. 'n Ingenieursverslag wat in opdrag van AfriForum oor die toestand van die watersuiweringsaanleg saamgestel is, is hiertydens aan dr. F.P. Mothamaha, die munisipale bestuurder, oorhandig. Dié verslag toon dat water wat net gedeeltelik behandel is, uit die krane in Parys vloei. Daarbenewens toon die verslag dat uiteenlopende basiese instandhoudingswerk nie op die aanleg gedoen word nie, dat die aanleg swak bestuur word en dat nuwe infrastruktuur wat geïnstalleer is, reeds foutief is.

Dié druk het nou vrugte afgewerp en die munisipaliteit het na afloop van 'n vergadering ingestem om saam met AfriForum en die ander betrokke organisasies te werk en op die lewering van veilige drinkwater aan die inwoners as 'n saak van dringendheid te fokus.

"Die uitkoms van dié vergadering is 'n wen in die belang van die Parys-, Tumahole- en Schonkenville-gemeenskap en skep nou die ruimte vir samewerking tussen die owerheid en gemeenskappe om saam aan die oplossing te werk. Die ware oorwinning sal egter kom wanneer inwoners weer sonder huiwering of vrees die water uit Parys se krane kan drink. Ons sal nie ophou werk totdat hierdie oorwinning behaal is nie," verduidelik Morné Mostert, AfriForum se bestuurder van Plaaslikeregeringsake.

# Verskerp rampbestuurmaatreëls weens hoër risiko's in die winter

Deur Marthinus Koekemoer | Foto's: Verskaf

Dit is noodsaaklik om altyd goeie rampbestuurmaatreëls in plek te hê, maar in die winter neem die risiko van sekere tipe rampe toe en is dit selfs nóg belangriker om te weet hoe om rampe te voorkom of ten minste die impak daarvan te verminder.

In die droë binneland se landelike gebiede styg die brandgevaar in die winter noemenswaardig. Veldbrande kan makliker ontstaan en vinniger versprei in die droë seisoene. Brande kan op natuurlike wyse ontstaan soos met 'n weerligstraal, maar meer dikwels deur menslike bedrywighede.

"'n Warmer as gewone winter word vir Suid-Afrika voorspel, wat die risiko vir die uitbreek van veldbrande ook hoër as gewoonlik maak. Behoorlike voorsorg is dus belangrik, maar 'n mens moet ook weet hoe om tydens en ná 'n brand op te tree," sê Tarien Cooks, rampbestuurspesialis by AfriForum.

Voorsorgmaatreëls wat Cooks voorstel sluit in om ontruimingsroetes te ken en om 'n reserwevoorraad van water en persoonlike beskermende toerusting (PPE) byderhand te hou. Sy sê voorts die brandgevaarindeks (BGI) moet daagliks dopgehou word om vroegtydig op dae met 'n hoë risiko op te tree.

"'n Hoë brandgevaar beteken natuurlik nie daar gaan definitief 'n brand uitbreek nie, maar ekstra voorsorgmaatreëls, soos om diere op kraal te hou, is 'n goeie idee. As 'n brand wel sou uitbreek, is dit belangrik om te onthou dat die veiligheid van mense alles anders troef. In dié verband is iets wat maklik agterweë bly kommunikasie. Ingeligte mense het 'n veel beter kans om veilig te bly of om 'n brand te blus," sê Cooks.

> **Voorkoming is natuurlik beter om skade en beserings of meer ernstige gevolge te vermy.**

Tydens 'n veldbrand moet die brand so gou as moontlik aangemeld en diere beveilig word. Nóg 'n goeie wenk is om binne die "swart" te bly. Dit verwys na plekke waar die brand reeds gewoed het. Dit is ook belangrik om van 'n N95-gesigmasker gebruik te maak en gehidreer te bly. Ná die brand moet daar opgeruim word. Blus dus gloeiende kole om te verhoed dat die vuur weer opvlam.


Oorstromings kom dalk minder voor, maar hou ook groot gevaar vir mens en dier in. Dit is veral winterreënvalstreke wat tans op die moontlikheid van oorstromings moet voorberei. (Sien die blokkie hiernaas vir wenke om veilig te bly tydens 'n vloed.)

In stedelike gebiede is die voorkoms van huisbrande wat met sonkragstelsels te doen het 'n al hoe meer algemene verskynsel. Alhoewel die nuwe generasie litiumbatterye baie voordele inhou, is daar ook risiko's wat aan hierdie tipe batterye gekoppel word. Die hoofoorsake van probleme is batterye wat beskadig is, verkeerd gelaai word, swak geïnstalleer is of aan hoë temperature blootgestel word.

"As hierdie tipe batterye aan die brand slaan, genereer dit suurstof wat die brand verder voed. Tradisionele brandblussingsmetodes kan dus nie gebruik word nie. 'n Emmer water sal byvoorbeeld nie veel help nie, want daar sal honderde liters water nodig wees om die brand te blus. 'n Brandkombers wat ontplooi as die batterye aan die brand slaan is 'n goeie manier om dié tipe brand te blus," verduidelik Cooks.

Batterye wat op hierdie wyse brand, gee gevaarlike walms af en dus word daar voorgestel dat batterye eerder in die motorhuis of 'n buitegebou geïnstalleer word as in die huis. Indien 'n brand sou uitbreek moet die gebou waarin die batterye is toegehou word om sodoende die vuur te smoor. Ontbied onmiddellik die brandweer om die brand te blus.

Voorkoming is natuurlik beter om skade en beserings of meer ernstige gevolge te vermy. Maak dus gebruik van 'n bewese installeerder om jou sonkragstelsel te installeer en te onderhou. Belê in hoëgehalte panele, omskakelaars en batterye, en hou 'n ogie oor jou stelsel se prestasie. As die stelsel se doeltreffendheid ewe skielik daal, kan dit 'n aanduiding wees dat iets fout is en die risiko vir die uitbreek van 'n brand hoër as gewoonlik is.



### WEES VOORBEREID OP OORSTROMINGS

- Ken die vloedrisiko van jou gebied.
- Bly op hoogte van die weerdienste se waarskuwings.
- Indien kitsvloede 'n risiko in jou buurt is, moniteer moontlike tekens soos swaar reën.
- Leer en oefen ontruimingsroetes.
- Maak voorraad bymekaar ingeval jy van die buitewêreld afgesny word. Hou elke persoon se behoeftes in gedagte, insluitend medikasie.
- Maak seker noodkommunikasietoestelle is gelaai en gereed vir gebruik.

### INDIEN 'N OORSTROMING JOU WEL TREF

- Beweeg na of bly op 'n veilige plek.
- Moenie deur vloedwater loop, swem of ry nie. Vinnig bewegende water van ongeveer 15 cm diep kan jou voete onder jou uitslaan en water van 30 cm diep kan jou voertuig meesleur.
- Bly weg van brûe oor vinnig bewegende water. Só 'n brug kan sonder waarskuwing meegee.
- As jou voertuig deur water meegesleur word, bly in die voertuig. As water begin instroom, klim op die dak van jou voertuig.

### WEES SÓ VEILIG NÁ 'N VLOED

- Volg instruksies van owerhede.
- Bly weg van vloedwater aangesien dit gevaarlike rommel kan bevat en besmet kan wees.
- Wees bewus van die risiko's van elektriese skok.









## Regeringsmislukking en rassediskriminerende beleide:

# 'n Bose kringloop

Deur Ernst van Zyl | Foto: Reint Dykema



**Ernst van Zyl** (AfriForum), **Phumlani M. Majozi** (politieke ontleder) en **Martin van Staden** (Vryemarkstigting) tydens AfriForum se konferensie oor Suid-Afrikaanse rassebeleide.

AfriForum het onlangs sterk opponerende kommentaar oor die voorgestelde sektorale numeriese rasseteikens vir elke bedryf en provinsie by die Departement van Indiensneming en Arbeid (DIA) ingedien. Die huidige druk vir die eskalasie van rasseteikens is maar net nóg 'n voorbeeld van hoe rasmal die Suid-Afrikaanse regering steeds in 2024 is.

Sedert die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 is al nagenoeg 313 rasgebaseerde wette ingestel. Meer as 116 (dit wil sê sowat 37%) hiervan is ingestel nadat die ANC in 1994 aan bewind gekom het.

AfriForum is gekant teen sowel rasgebaseerde wetgewing as die rasseklassifikasiestelsel waaraan die regering vasklou. Beleide moenie beoordeel word op grond van hul bedoelings of titels nie, maar eerder op hul uitkomste. 'n Boom word tog aan sy vrugte geken. Swart ekonomiese bemagtiging (SEB) is 'n gepaste voorbeeld van 'n beleid met 'n titel wat billik klink, maar wat onregverdigbare uitkomste deur immorele middele lewer.

SEB se uitkomste oor dekades heen bewys dat dit niks meer as 'n rookskerm vir elite-bemagtiging en kaderontplooiing is nie. AfriForum staan op beginselvaste grond: Rassediskriminasie deur die regering in die verlede was verkeerd en is dus ook verkeerd in die hede. Veroordeling van rassediskriminasie in die verlede klink hol wanneer diegene wat dit veroordeel luidkeels rassediskriminasie in die hede verdedig.

Rasmalheid het al byna elke faset van die samelewing besmet – van korporatiewe aanstellingspraktyke tot laerskoolsport. 'n Dis-Chem-interne memorandum van 2022 waarin daar onder druk van die regering 'n moratorium op die aanstelling en bevordering van wit mense aangekondig is, dien as verdoemende bewysstuk van die absurditeit en onregverdigbaarheid van die ANC se rasgedrewe agenda.

Regeringsgedrewe, rassediskriminerende aanstellingspraktyke, wat as "regstellend" bemark word, is 'n skynoplossing. Die regering se behepheid met gelyke uitkomste eerder as gelyke geleenthede het 'n toenemend rasbehepte omgewing geskep. Wat reggestel moet word is 'n wanfunksionele onderwysstelsel waar kinders in 2024 oor riviere moet loop om by skole met puttoilette uit te kom. Die werklike probleem is 'n regering wat aanhou misluk om kernprobleme soos werkloosheid, swak onderwys, misdaad, korrupsie en beurtkrag op te los, en dan meer rassewetgewing druk as die oplossing.

'n Kritieke aspek van AfriForum se kommentaar aan die DIA is die aandringing dat 'n sperdatum vasgestel moet word vir die beëindiging van wetgewing wat op grond van ras diskrimineer.

> **"Rasmalheid het al byna elke faset van die samelewing besmet – van korporatiewe aanstellingspraktyke tot laerskoolsport.**

'n Regering wat nie daarin slaag om die land se krisisse te takel nie en hierdie krisisse terselfdertyd gebruik as regverdiging vir 'n verskerpte en voortgesette rassediskriminerende beleid, skep 'n bose kringloop. Rassediskriminerende beleid wat hoofsaaklik op die wit minderheidsbevolking gerig is het reeds 'n multigenerasie-aangeleentheid geword.

Suid-Afrika kan homself nie 'n nierassige land noem as die regering voortgaan om hulle vir verskerpte raswette te beywer nie. Suid-Afrika kwalifiseer reeds as een van die mees rasmal lande ter wêreld. Ná meer as 100 jaar van rassediskriminerende beleid, wat tot in die 21ste eeu voortduur, is dit tyd vir die afskaffing van hierdie afskuwelike praktyk.





# Onteieningswetsontwerp kan privaat eiendomsbesit kelder

Redaksie en foto deur Carina Bester

Die ANC probeer al jare lank om onteiening sonder vergoeding deur te voer. Nadat dié party in 2021 onsuksesvol was met die wysiging van artikel 25 van die Grondwet toe hulle nie 'n tweederdemeerderheid stemme in die parlement kon kry nie, is 'n nuwe Onteieningswetsontwerp op die tafel geplaas.

Die Onteieningswetsontwerp [B23-2020] maak die onteiening van enige eiendom moontlik en is dus nie net beperk tot grond nie, maar sluit alle roerende eiendom soos 'n persoon se besittings, asook onroerende eiendom soos geboue en huise in.

Dit plaas eiendomsreg in die land in gedrang en kenners voorspel dat dit rampspoedige ekonomiese gevolge vir die land sal inhou. Volgens dr. Pieter Groenewald, leier van die VF Plus, is die reg op privaat grond- en eiendomsbesit een van die belangrikste hoekstene van 'n vryemarkstelsel.

"Hierdie wetsontwerp is niks anders nie as onteiening sonder vergoeding en bring alle eiendomsbesit in die gedrang. Dit beteken dat niemand in Suid-Afrika meer kan aanspraak maak op die alleeneienaarskap van sy of haar besittings nie aangesien die staat op 'n diktatoriale wyse enige besitting na goeddunke kan onteien. Die VF Plus beskou onteiening sonder vergoeding as ongrondwetlik," sê Groenewald.

> **"Hierdie wetsontwerp skep vir die staat die geleentheid om enige eiendom sonder vergoeding te onteien. Dit is dus net nog 'n geleentheid vir korrupsie.**

AfriForum is sedert die Onteienings-wetsontwerp die eerste keer die lig gesien het daarteen gekant en het deurgaans aan al die openbaredeelnameprosesse deelgeneem.

Die Nasionale Vergadering (NV) het die wetsontwerp in Maart vanjaar aanvaar met 205 stemme ten gunste daarvan en 108 stemme daarteen. Die finale besluit oor dié vernietigende wetsontwerp berus nou by pres. Cyril Ramaphosa.

Daarom het AfriForum se regspan vroeër vanjaar 'n skrywe aan pres. Ramaphosa gestuur waarin daar versoek word dat die wetsontwerp na die NV teruggestuur word sodat die grondwetlikheid daarvan heroorweeg kan word.

Volgens Ernst van Zyl, hoof van openbare betrekkinge by AfriForum, is privaat eiendomsreg van uiterste belang. "Enige wetsontwerp wat hierdie fundamentele reg bedreig, moet by elke geleentheid teëgestaan word. Hierdie wetsontwerp gaan nie landsburgers verryk nie en is vol leë beloftes."

"Hierdie wetsontwerp skep vir die staat die geleentheid om enige eiendom sonder vergoeding te onteien. Dit is dus net nog 'n geleentheid vir korrupsie," aldus Van Zyl.

"Die ANC moet die boodskap hard en duidelik verstaan: Staatsgoedgekeurde diefstal van eiendom sal nie geduld word nie. Indien Ramaphosa die wetsontwerp bekragtig, sal AfriForum beslis een van die eerste organisasies wees wat die regering hof toe sleep," verduidelik Van Zyl.



# AfriForum slyp só sy tande om NGV-wet te pak

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto: Reint Dykema

*Pres. Cyril Ramaphosa het toe op 15 Mei die pen gekry waarmee hy die Nasionale Gesondheidsversekering (NGV)-wet wou onderteken. In sy staatsrede wat in Februarie gelewer is, het hy reeds grappenderwys aangevoer dat hy bloot na sy pen soek om dié stuk wetgewing te onderteken en te bekragtig. Die president se aanvaarding van die nuwe NGV-wet was dus geen verrassing nie. Boonop was die ANC-regering se tydsberekening daarvan, presies twee weke vóór die nasionale verkiesing, berekende verkiesingstaktiek – of 'n "verkiesingsfoefie" soos talle kommentators dit gestel het.*



## NGV, HY KOM VAN VER!

Die sêding "'n jakkals verander van hare, maar nie van streke" is in die geval van NGV en die ANC se jarelange strewe daarna, in die kol. Hoewel talle Suid-Afrikaners dalk eers vroeër vanjaar van die "streke" of moontlike implikasies van NGV bewus geraak het, is dié 'n "jakkals" wat al ver en wye draaie gestap het tot op pres. Ramaphosa se lessenaar.

Een van die eerste amptelike geluide van 'n nasionale gesondheidsplan vir Suid-Afrika kom uit ANC-beleidsdokumente van April en Mei 1994. Daarin word telkens verwys na onder meer die "radikale transformasie" en die "algehele transformasie" van gesondheidsdienste in Suid-Afrika. Die dokument van April 1994 sluit af met dié woorde (vertaal uit Engels): "Uiteindelik sal die mees doeltreffende manier om verandering en transformasie van die gesondheidstelsel te verseker, wees die aanvaarding van toepaslike wetgewing om uitvoering te gee aan hierdie politieke wil en verbintenis."

Teen November daardie jaar is die Witskrif op Heropbou en Ontwikkeling gepubliseer waarin doelstellings vir bykans elke aspek van 'n transformasieprogram van Suid-Afrika uiteengesit is, insluitend die gesondheidstelsel, om (soos dit in die witskrif gestel is) al die land se hulpbronne en mense te mobiliseer vir die "finale uitwissing van die gevolge van apartheid". Volgens die program se beleidsraamwerk word die rekonstruksie van die gesondheidsektor in die vooruitsig gestel wat die "algehele transformasie van die volle leweringstelsel" sal behels.

Die publikasie van die eerste NGV-beleidsdokument, oftewel die groenskrif, in 2011 en daarna die witskrif teen die einde van 2015, het begin om werklik lewe te gee aan dit wat die ANC jare vantevore reeds in die vooruitsig gestel het en het voortgebou op onder meer 1997 se Witskrif op die Transformasie van Gesondheidstelsels in Suid-Afrika.

In Junie 2018 is die NGV-wetsontwerp vir die eerste keer in die *Staatskoerant* gepubliseer vir openbare kommentaar en in die jare wat daarop gevolg het, is tientalle openbare verhore gehou, kommentare is skriftelik ingedien en debatte is gevoer. Dit is in Junie 2023 in die Nasionale Vergadering (NV) en in Desember daardie jaar deur die Nasionale Raad op Provinsies (NRP) aanvaar. Ramaphosa se ondertekening van die wet het dus die ANC se jarelange ideaal van minstens die afgelope 30 jaar vir die algehele transformasie van die gesondheidsektor 'n tasbare, wettige werklikheid gemaak.

Al het hierdie "jakkals" al draaie geloop en nou op die president se lessenaar geland, is AfriForum egter vasbeslote dat dié wet nie sy pad van vernietiging tot in die hospitaalsale en spreekkamers sal stap nie.



## AFRIFORUM MAAK SÓ OM NGV-WET TE PAK

Die stryd téén die implementering van hierdie wet, wat volgens kenners as "onbekostigbaar", "onhaalbaar" en selfs "ongrondwetlik" beskryf word, is nog lank nie verby nie. AfriForum het reeds die afgelope aantal jare tydens die dosyne sessies wat vir openbare deelname landwyd aangebied is, asook in skriftelike kommentaar op die NGV-wetsontwerp en in drie navorsingsverslae gewys op die ekonomiese onhaalbaarheid en ongrondwetlikheid van NGV. AfriForum het byvoorbeeld reeds in 2019 aangevoer dat hoewel artikel 27 van die Grondwet voorsiening maak vir toegang tot gesondheidsorg, dit nêrens vermeld word dat die staat onder die verpligting staan om dié sorg aan almal te voorsien nie. Voorts het Natasha Venter, AfriForum se toenmalige woordvoerder oor NGV, aangevoer dat indien die regering se inmenging toegang tot gesondheidsorg verhinder, dit wel ongrondwetlik sal wees.

Sowel AfriForum as verskeie ander teenstanders van dié wet is egter nog lank nie bereid om die implementering van die wet gedweë te aanvaar nie. AfriForum is daarom reeds besig om sy tande te slyp vir 'n regstryd.

In die ure ná die ondertekening van die wet het AfriForum 'n regskrywe by die Uniegebou in Pretoria oorhandig. Daarin wys die organisasie, namens sy 320 000 lede, op die ongrondwetlikheid, onbekostigbaarheid, onimplementeerbaarheid en onregverdigbaarheid van NGV. AfriForum het ook in die skrywe benadruk dat die president en alle parlementslede betrokke by die proses bewus is van die wet se tekortkominge, maar tog ten alle koste volgehou het met die promulgasie daarvan ten spyte van die gevaar wat dit vir die Suid-Afrikaanse fiskus en die oorbelaste belastingbetalers in die besonder inhou.

AfriForum het hierin ook die president in kennis gestel dat die organisasie regmaak om 'n regsaksie teen die regering, pres. Ramaphosa, die parlement en Joe Phaahla, Minister van Gesondheid, van stapel te stuur vir die skade wat Suid-Afrikaners weens NGV gaan ly.

AfriForum se hoogste besluitnemende liggaam, die AfriForum-direksie, het intussen 'n resolusie onderteken waarin die organisasie hom daartoe verbind om die regstryd teen NGV enduit te voer totdat alle remedies uitgeput is.

Volgens Louis Boshoff, veldtogbeampte by AfriForum, beskou AfriForum hiermee gesondheidsvryheid as 'n beginselsaak. "AfriForum sal nie ophou met die stryd teen NGV nie, selfs al duur dit jare."

Teen druktyd was AfriForum se regspan besig met die samestelling van die dagvaarding in dié saak. Om voor te berei vir hierdie taai hofgeding sal uiteenlopende kenners, insluitend ekonome, sosio-ekonome, akademici uit die mediese veld en mediesefondskenners, betrek word. Hou AfriForum se sosialemedia- en nuusplatforms dop om die ontvouing van hierdie reusesaak te volg.



Louis Boshoff



# Privaat vervolging

## TAKEL GESLAGSGEWELD

Lede van AfriForum se privaatvervolgingseenheid saam met **Celeste Gouws** by die hof in Somerset-Oos. Voor is Gouws, advv. **Gerrie Nel** (hoof van die eenheid) en **Phyllis Vorster** (aanklaer by die eenheid). Agter is **Andrew Leask** (hoofondersoeker by die eenheid) en **Slang Maangwale** (senior ondersoeker by die eenheid).

Deur Carina Bester | Foto's: Verskaf

"Die beskuldigde het 'n kans gesien en dit gevat."

Dít is die rede wat die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) destyds gegee het toe hulle besluit het om nie vir Isaac Andile Memese, 'n beweerde verkragter, op klagtes van verkragting en huisbraak te vervolg nie.

Dié beweerde verkragting het al in 2017 plaasgevind. Een van die slagoffer se vriendinne, wat ook 'n prokureur is, het AfriForum se privaatvervolgingseenheid in 2019 genader om te help nadat sy geen antwoord op haar navrae gekry het oor waarom geen strafregtelike stappe teen die beskuldigde ingestel word nie.

Celeste Gouws, die slagoffer, is vermoedelik bedwelm voordat sy later in haar gastehuis verkrag is. Gouws het reeds byna twee jaar gelede oor dié voorval in die Streekhof in Somerset-Oos getuig.

Adv. Gerrie Nel, hoof van AfriForum se privaatvervolgingseenheid, het tydens 'n vorige hofverskyning kringtelevisiebeeldmateriaal in die hof getoon wat duidelik wys hoe Memese herhaaldelik by Gouws aanlê, aan haar raak en haar probeer soen. Sy het dié

> Die saak is herhaaldelik deur die beskuldigde of sy regspan wat glo siek is, vertraag.

toenaderings keer op keer geweier.

Gouws het getuig dat Memese herhaaldelik daarop aangedring het dat sy saam met hom moet bad. Gouws moes uiteindelik 'n jarelange vriend Gavin Donnolly kontak om haar geselskap te kom hou by die gastehuis wat sy bedryf het omdat Memese nie sy onvanpaste gedrag wou staak nie. Donnolly, wat ook namens Gouws getuig het, het in die hof gesê dat Memese oomblikke ná sy aankoms by Gouws by hulle in die kombuis aangesluit het en dat hulle drie wyn gedrink het. Die beeldmateriaal wys ook hoe Memese in 'n stadium sy eie glas met Gouws s'n ruil, waarna sy binne minute onstabiel begin raak. Memese drink daarna nie weer self uit dié glas nie.

Nadat Donnolly Memese uitgesien het, wys die beeldmateriaal hoe die beskuldigde minute later weer die huis binneglip en Gouws uiteindelik na haar slaapkamer dwing waar hy haar glo verkrag het.

Dafré Troskie, 'n vriendin wat die oggend ná die voorval by Gouws gaan kuier het, het tydens 'n vorige verskyning getuig van die trauma wat Gouws beleef het. Sy het ook getuig dat Memese Gouws daardie oggend gebel en gevra het om nie 'n saak teen hom te maak nie.

> Bewyse word selde korrek ingesamel; verklarings word nie korrek geneem nie; en klaers en getuies word nie voldoende geraadpleeg nie.

Ten spyte van die feit dat die privaatvervolgingseenheid al vir byna vyf jaar by die saak betrokke is, is daar nog nie 'n vonnis opgelê nie. Die saak is herhaaldelik deur die beskuldigde of sy regspan wat glo siek is, vertraag. Barry Bateman, kommunikasiebestuurder van die privaatvervolgingseenheid, sê dié eenheid was nog by elke geleentheid gereed om met die saak voort te gaan.

"Privaat vervolging verseker dat almal gelyk is voor die reg. Waar mense voel die regstelsel laat hulle in die steek, ten spyte van sterk sake teen oortreders, is daar 'n meganisme tot hul beskikking om geregtigheid te vind. Die regering het Suid-Afrikaners op omtrent elke vlak gefaal – van elektrisiteit, water en sanitasie tot gesondheidsorg – toegang tot geregtigheid is nie werklik anders nie. Privaat vervolging bied 'n remedie wat nie anders is as die ingryping van privaat entiteite in ander sfere van die lewe nie," verduidelik Bateman.

Memese het in 2022 boonop ook 'n aansoek om ontslag kragtens artikel 174 van die Strafproseswet gebring. Landdros Eric Mbiyo het dié aansoek egter van die hand gewys. Ten spyte daarvan dat die direkteur van Openbare Vervolging in die Oos-Kaap aanvanklik gesê het dat Memese nie vervolg moet word nie, het Mbiyo in sy uitspraak oor die aansoek om ontslag die volgende gesê: "Uit al die bewyse wat op hierdie stadium aan hierdie hof voorgelê is, is die mening van die hof dat daar getuienis is waarop die beskuldigde skuldig bevind kan word aan die misdryf waarvan hy aangekla is, en dit is om daardie rede dat die aansoek van die hand gewys word."

Jason Jordaan, 'n ervare multimedia- en digitale forensiese ontleder, is deur die verdediging aangestel om die privaat aanklaer se videobewyse te ontleed. Nadat adv. Nel vanjaar in die hof aan Jordaan gesê het dat die onbetwiste getuienis wat aan die hof voorgelê is toon daar was nie tyd om die beeldmateriaal te redigeer nie en dat dit die dag ná die beweerde verkragting deur een van die deskundige getuies afgelaai is, het Jordaan later in die hof bevestig dat die beeldmateriaal nie enige beeldafwykings bevat nie.

Volgens Bateman laat die regering slagoffers van geslagsgeweld gruwelik in die steek. "Ons sien ongelukkig te dikwels hoe swak slagoffers van geslagsgebaseerde geweld hanteer word – vandat hulle by 'n polisiestasie aanmeld om 'n strafregtelike klag in te dien, tot hoe hulle behandel word deur aanklaers wat veronderstel is om namens hulle te baklei. Bewyse word selde korrek ingesamel; verklarings word nie korrek geneem nie; en klaers en getuies word nie voldoende geraadpleeg nie. Aanklaers is ook nie altyd bevoeg om bewyse tydens verhore toe te laat nie. 'n Gebrek aan vaardighede en kundigheid is regdeur die strafregstelsel te bespeur."

Volgens Bateman is die regering se verbintenis om geslagsgebaseerde geweld te beëindig, blote lippediens. Hy sê die traagheid om hierdie tipe sake vinnig af te handel, bewys aan klaers dat die SAPD nie hulle klagtes ernstig opneem nie.

Volgens Bateman kom die saak weer in Julie voor vir slotbetoë. Indien die saak wel voortgaan en nie weer uitgestel word nie, gaan dit waarskynlik vir 'n paar maande uitgestel word sodat uitspraak gelewer kan word.

"Dit was 'n lang pad, maar die privaatvervolgingseenheid staan bankvas agter Gouws in haar strewe na geregtigheid. Sy is ongelooflik dapper en so ook die getuies wat vir haar getuig het. Die eenheid is vol vertroue dat hulle 'n sterk saak gestel het. Geslagsgebaseerde geweld is een van die eenheid se fokusareas. Ons sal voortgaan om kwesbare lede van ons gemeenskap te ondersteun wat deur die stelsel, wat veronderstel is om hulle te beskerm, in die steek gelaat word," sluit Bateman af.



**Adv. Gerrie Nel** in die hof in Somerset-Oos tydens 'n vorige hofsitting.

# Afrikaners is hier om te bly!

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto's: Carina Bester

Die ondertekening van die Afrikaner Verklaring in April vanjaar het grootskaalse reaksie ontlok en terwyl sekere kommentators aanvoer dat die verklaring "vervreemding" veroorsaak, beskou selfs mense buite Afrikanergeledere dit as 'n "baie belangrike" dokument wat by die "nasionale dialoog bespreek moet word". In die weke na afloop van die ondertekening is debatte heen en weer gevoer, en dit maak dit duidelik dat gesprekke oor sake soos Afrikanerskap, identiteit en kultuur brandpunte is wat nou (dalk meer as ooit vantevore) gevoer moet word.

Die Afrikaner Verklaring, wat op 22 April deur 'n aantal Afrikanerorganisasies, -netwerke en individue onderteken is, se boodskap is egter duidelik – die nagenoeg twee miljoen Afrikaners wat deur hierdie oorspronklike ondertekenaars en organisasies verteenwoordig word, is hier om te bly. AfriForum is een van die organisasies wat hierdie verklaring onderteken het.

Volgens dr. Theuns Eloff, fasiliteerder van die verklaring en oudrektor van die toenmalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), volg die verklaring ná nagenoeg drie jaar se gesprekke tussen verskeie Afrikanerorganisasies. Hy bestempel dit as 'n "breë middelgrond verklaring" wat aandui waarop Afrikaners, al verskil hulle in baie opsigte, kan saamstem.

Die doel van die verklaring is, luidens Eloff, drieledig. "Die eerste is 'n doel na buite. Ons wil hê dat ander Suid-Afrikaanse gemeenskappe en individue moet kennis neem van die Afrikaners se goeie trou en gesindheid ten opsigte van die land. In 'n sekere sin is dit 'n hand van vriendskap wat uitgereik word," het Eloff tydens die ondertekeningsgeleentheid gesê. In die tweede plek, benadruk Eloff, hoop die betrokke organisasies om meer en diverse steun te kry van organisasies en individue wat nie aanvanklik betrokke was nie; en laastens wil die groep die regering oortuig van die noodsaak om 'n kultuurverdrag met die Afrikanergemeenskap te sluit.

Die behoefte aan 'n kultuurverdrag is volgens Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, nou (30 jaar sedert die aanvang van die huidige grondwetlike bedeling) nodig om die gaping tussen die "bedoelings en bewoording in die Grondwet" en dit wat in die praktyk uitspeel, toe te maak.

Buys verduidelik dat die behoefte aan kulturele leefruimtes, soos dorpe en skole, 'n saak is wat die samestellers van die verklaring baie belangrik ag. "Enige minderheid het die ruimte nodig waar hy die meerderheid kan wees, anders

> "Ons is hier om te bly. Ons bou om te bly en ons bly om te bou …

word elke lewensaspek deur die demografiese meerderheid beheer." Hy benadruk voorts dat kulturele vryheid 'n voorwaarde is vir ware vryheid in enige demokrasie en hou vol dat die bouwerk aan instellings waardeur 'n kultuur kan floreer sal voortgaan met of sonder die regering se toestemming. Die strewe na kulturele vryheid is volgens hom tog 'n normale reaksie op swak staatsbestuur.

Die verklaring en strewe na kulturele vryheid is egter nie 'n verlange na die verlede nie, sê Buys, maar "ons sien ook nie uit na 'n toekoms onder die ANC of 'n soortgelyke groep partye nie. Ons praat nie van 'n uitgediende, luidrugtige nasionalisme nie, maar van 'n stille kulturele selfvertroue wat sê: Ons is hier om te bly. Ons bou om te bly en ons bly om te bou, maar ons wil ook ons regmatige regte en belange beskerm en opneem."



Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, meen kulturele vryheid is 'n voorwaarde vir ware vryheid in enige demokrasie.

## DÁÁROM STEUN AFRIFORUM DIE AFRIKANER VERKLARING

AfriForum, wat tans meer as 300 000 lede verteenwoordig, is 'n medeondertekenaar van die verklaring. Ander organisasies sluit onder meer Solidariteit en Helpende Hand in.

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, verduidelik dat die Afrikaner Verklaring 'n positiewe stap ter bevestiging van die groeiende selfvertroue en selfrespek onder Afrikaners is. "Dit word beklemtoon deurdat 'n wesenlike deel van die Afrikanergemeenskap met hierdie verklaring, te midde van 'n aanslag om Afrikanerskap te misken en valslik as verdelend te probeer voorhou, hard en duidelik sê ons is Afrikaners en ons is hier om te bly."

Die verklaring beklemtoon volgens Kriel voorts Afrikaners se bereidwilligheid om wedersydse erkenning en respek met ander volke in die land te bevorder. "Ons kan met selfrespek eis dat Afrikaners se belange nie ondergrawe word nie, terwyl ons ook met ywer saam met ander kan meewerk om 'n beter toekoms vir ons, ons gemeenskappe en ons nageslag te help vestig."




Werner Human, operasionele hoof van die Solidariteit Beweging. Volgens Human is die doel van die strewe na die sluiting van 'n kultuurverdrag vir die Afrikaner om "die ruimtes vir Afrikaners in die land te formaliseer".




Kleuter Zone
GROEP VAN SKOLE
WAAR DROME BEGIN

# KOOP IN BY KLEUTERZONE

## EN VERDIEN ONMIDDELLIKE UITKEERWINSTE.





Besoek www.kleuterzonegroep.co.za of stuur 'n e-pos aan anthonie@kleuterzonegroep.co.za vir meer inligting

**Kleuterzone Groep van Skole het bykans 100 skole landswyd en is 'n ongelooflike suksesverhaal!**

**Koop nou in by bestaande skole en verdien onmiddellike uitkeerwinste.**

## ONS BIED:

- Robotika en Kodering
- Die Beste Kurrikulum!
- Die Veiligste Speelgrond!
- Ekstra Vakke! (Wiskunde, Wetenskap ens.)
- Gesonde Spyskaart!
- Christelike waardes! En baie meer!





# Só lyk die Afrikaner Verklaring

*Hier volg 'n verkorte weergawe van die Afrikaner Verklaring. Die volledige verklaring is beskikbaar by **www.afrikanerverklaring.co.za**. Voeg jou stem by deur die verklaring aanlyn te onderteken.*



## 1. AFRIKANERS IS 'N INHEEMSE KULTUURGEMEENSKAP VERBIND AAN AFRIKA

Ons het nie as Afrikaners na Afrika gekom nie. Ons voorouers het eeue gelede uit verskillende Europese lande hiernatoe gekom, maar ons het hier Afrikaners geword. Ons taal en kultuur is inheems aan Afrika en nêrens anders nie. Ons het onsself, ons taal en baie van ons instellings na Afrika vernoem. Afrikaners is 'n selfgedefinieerde kultuurgemeenskap – 'n volk – en nie bloot 'n taalgroep of 'n rassegroepering nie. Deur Afrikaans het ons ook 'n taalverbintenis met die meerderheid bruin Suid-Afrikaners, asook met 'n beduidende aantal mense uit ander Suid-Afrikaanse gemeenskappe.

## 2. ONS WIL HIER BLY EN BYDRA TOT DIE WELSTAND VAN DIE LAND EN AL SY MENSE

Ons is daarvan oortuig dat daar 'n toekoms vir ons hier is. Daarom wil ons die omstandighede help skep dat Afrikaners volhoubaar en voorspoedig hier kan bly. Dit sal ons in staat stel om 'n blywende bydrae tot die welstand van ander gemeenskappe te kan maak.





## 3. SAMEWERKING IS IN DIE BELANG VAN ALMAL SE VRYHEID, VEILIGHEID EN VOORSPOED

Ons glo dat daar meer dinge is wat die land se gemeenskappe verenig as wat ons verdeel. Al deel ons nie altyd dieselfde sienings nie, deel ons kernbelange soos 'n werkende land en 'n gesonde samelewing waarin almal die geleentheid het om 'n beter toekoms te bou. Ons is enersyds verbind tot die bou van 'n hegte gemeenskap onder Afrikaners en andersyds tot die uitbou van bande met al die gemeenskappe van Suid-Afrika om só 'n voorspoedige lewe vir almal te help bewerkstellig.

## 4. ONS BOU OM TE BLY

'n Kultuurgemeenskap leef in en deur die instellings wat vir sy voortbestaan benodig word en waardeur sy kultuur aan die volgende geslagte oorgedra word. Daarom bou ons aan 'n kulturele infrastruktuur, leefruimtes, tuistes en instellings om hier in Suid-Afrika te kan bly.





## 5. KULTURELE VRYHEID IS 'N VOORWAARDE VIR DEMOKRATIESE VRYHEID

Die land se getallewerklikhede beteken dat ons lewens op elke gebied deur die demografiese meerderheid oorheers sal word as ons nie kulturele vryheid het nie. Demokratiese vryheid kan slegs bewerkstellig word indien kulturele vryheid as 'n noodsaaklike voorwaarde vir ons voortbestaan verseker word. Kulturele vryheid is 'n voorwaarde vir ons moedertaal, Afrikaans, om as 'n volle funksionele taal voort te bestaan. Ons wil deur interne kulturele outonomie en inspraak in die owerheid verseker dat ons blywende demokratiese kulturele vryheid kan geniet.





## 6. ONS ONDERSKRYF DIE GELYKWAARDIGHEID VAN ALLE GEMEENSKAPPE

Ons onderskryf die gelykwaardigheid van alle gemeenskappe as die grondslag vir ons almal se deelname aan die groter mensdom. Ons sien onsself gelyk aan en nie bo of onder ander gemeenskappe nie. Ons is geregtig op dieselfde regte, ruimtes en bevoegdhede as ander kultuurgemeenskappe, en dit sluit 'n kulturele gebied in.





## 7. DIE VERLEDE MOENIE ONS ALMAL SE TOEKOMS VERNIETIG NIE

Ons erken die komplekse verlede en die nalatenskap van historiese konflik wat deels steeds voortleef. Ons betreur ook die feit dat inspirerende historiese voorbeelde van samewerking tussen gemeenskappe in Suid-Afrika vandag grootliks vergete is. Tog mag die verdelings van die verlede nie op so 'n manier voortgesit word dat dit ons almal se toekoms vernietig nie. Daarom moet ons bou op die historiese voorbeelde van samewerking wat tussen gemeenskappe bestaan eerder as om te bly vaskyk teen die geskiedenis van konflik.

## 8. DIE GRONDWET ERKEN DIE STREWE NA GRONDGEBIED

'n Wesenlike deel van Afrikaners steun die demokratiese ideaal van interne kulturele outonomie in Suid-Afrika. Daar is ook 'n betekenisvolle groep wat ingevolge die republikeinse tradisie die standpunt huldig dat kulturele vryheid sonder grondgebied sonder gronde is. Spesiale kulturele sones met 'n geografiese basis kan 'n deel van die oplossing hiervoor wees, byna soos die kulturele gebiede van ander gemeenskappe in die land.





## 9. EENHEID IN VERSKEIDENHEID

Ons glo dat die erkenning van verskeidenheid die beste manier is om nasionale eenheid te bevorder. Dit is die sleutel tot eenheid in verskeidenheid. Ons steun nie die idee dat versoening afhang van die aanvaarding van ANC-beleid nie omdat só 'n eis grondliggend ondemokraties sal wees en die gelykheid en menswaardigheid van mense sal aantas.

## 10. OWERHEIDSINSPRAAK

Afrikaners word tans uitgesluit van openbare en kulturele inspraakstrukture, soos die erkende instellings van tradisionele gemeenskappe byvoorbeeld is. Daar moet kanale geskep word waardeur Afrikaners op nasionale vlak inspraak kan kry in sake wat ons gemeenskap en die land raak.





## 11. EKONOMIESE BEMAGTIGING

Dit is noodsaaklik dat die armoede, werkloosheid, misdaad en die dergelike ander ernstige maatskaplike knelpunte wat die land teister, beslissend aangepak word. Afrikaners wil graag 'n bydrae lewer tot die ekonomiese bemagtiging van arm mense.

## 12. KULTUURVERDRAG

'n Kultuurverdrag kan 'n kanaal vir skakeling met die owerhede skep om knelpunte betyds te takel, ooreenkomste daaroor te bemiddel en vertroue te herstel en op te bou. Só 'n verdrag behoort as minimum vereiste die bestaande kulturele regte en ruimtes in die Grondwet en internasionale reg te herbevestig. Ons vind aansluiting by die ruimte wat die Grondwet bied en ook by internasionaal gevestigde konvensies wat regte aan kultuurgemeenskappe verleen en verpligtinge op state plaas. Dit sluit in die reg van 'n kultuurgemeenskap om te bestaan; die reg op instellings waarin en waardeur hulle kan leef en waar kultuuroordrag kan plaasvind; die reg op die ontwikkeling van kulturele gebiede; en die vrystelling van onbillike rassebepalings wat die uitoefening van hierdie regmatige strewes kan dwarsboom.



# "Ver in die wêreld, *Afrikaans*"

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto: Theana Breugem

Die ou kinderliedjie "Ver in die wêreld, Kittie" kom sommer onwillekeurig by 'n mens op wanneer die gesprek gevoer word oor Afrikaners wat nou al in hul duisende verstrooid oor die wêreld heen woon. Vervang jy die woord "Kittie" met "Afrikaans", kry die lirieke 'n heel ander, maar tog gepaste betekenis wat so wil-wil lyk asof dit tog die storie van Afrikaans in die buiteland vertel.

"Ver in die wêreld, Afrikaans / Afrikaans oor die see / sy laat haar swaai / sy laat haar draai / sy laat haar nie verraai ..." Soos "Kittie" het Afrikaans nou ook al haar plek in die vreemdste uithoeke van die wêreld gevind, ver oor die see, maar tog laat hierdie geliefde taal haar nie verraai nie en vind Afrikaners in die buiteland steeds allerlei maniere om hul taal te "gebruik". Of Afrikaans nou gepraat, gelees, geskryf, "ge-WhatsApp", geluister of gekyk word – selfs onder jarelange Afrikaanse ekspats is daar talle wat steeds "die soetste taal" naby aan hul bors hou.

Michelle Oelofse, wat reeds 18 jaar lank in Australië woon, verduidelik haar en haar gesin se gebruik van Afrikaans heel bekkig: "Ons huistaal is Afrikaans en ek leer my kinders Afrikaans. Ons luister Afrikaans, praat Afrikaans, maar soen in Frans!"

> Soos "Kittie" het Afrikaans nou ook al haar plek in die vreemdste uithoeke van die wêreld gevind.

Die gebruik van Afrikaans is skynbaar ook nie net beperk tot Afrikaanse ekspats nie en daar waar Afrikaanssprekendes hul vestig, kry aangetroude familielede en die spreekwoordelike kind en kraai elkeen 'n stewige dosis Afrikaans. Elsa van der Westhuizen is sedert 1998 in die buiteland en het al in Indonesië, Kirgistan en Saoedi-Arabië gewoon. Dié oudonderwyser het die leerders in haar klaskamer Afrikaanse liedjies geleer.

Hendrik Kruger en sy gesin het hulle in Januarie 2010 in St. Louis in die Amerikaanse deelstaat Missouri gevestig. In die Kruger-gesin praat 'n ieder en 'n elk Afrikaans en selfs hul Amerikaanse skoondogter leer nou ook dié taal aan. Boonop beloof Kruger, wat in Oktober oupa word, om ook hul Amerikaanse kleinding Afrikaans te leer. Hy spog dat twee Afrikaanse frases veral maklik is om vir hul Amerikaanse vriende te leer – baie dankie en baie koud. Vir eersgenoemde leer hulle hul vriende bloot om te sê "buy a donkey" en in die tweede geval werk "buy a coat" soos 'n droom.

Deléne Wassermann verduidelik dat hulle in Engeland steeds heelwat Afrikaanse vriende het en dat hul dogter selfs haar skoolmaatjie Afrikaans leer.

Dit is egter ook duidelik dat talle Afrikaanse ekspats reeds oorgeskakel het na die eerstetaal van hul nuwe tuisland – of dit nou Nederlands, Engels of Duits is. En hoewel sommige steeds van tyd tot tyd Afrikaans praat, kry kinders van een of meer Afrikaanse ouers in die buiteland nou ook ander wêreldtale saam met hul moedersmelk in. Anneli Terre Blanche woon al 31 jaar in Nederland, is getroud met 'n Nederlander en hul hele gesin praat Nederlands. Met haar Suid-Afrikaanse vriendinne praat sy wel nog Afrikaans. Eelco van den Bosch woon ook al meer as 'n kwarteeu in Australië en hoewel sy kinders nog Afrikaans praat en lees, het hul kleinkinders net 'n basiese kennis van die taal.



Sue-Ann de Wet, hoof van Diaspora by AfriForum.




## Boekwurm: Die Afrikaanse boekwinkel Doer Onder

Jeannie van Zyl, 'n Afrikaanssprekende siviele ingenieur, se aanlyn boekwinkel Boekwurm klink asof dit iewers vanuit die hartjie van 'n Afrikaanse stad soos Pretoria bedryf word. Hier word Afrikaanse boeke, Bybels, resepteboeke, storieboeke en allerhande Afrikaanse leermateriaal verkoop. En dit verkoop boonop soos soetkoek. Tog is Jeannie lankal nie meer op die Afrika-kontinent nie. Sy het al in 2017 haar Aussie-man, Kieran, Afrikaans geleer en woon reeds sedert 2018 in Sydney, Australië.

Vir haar is haar taal deel van haar en haar kinders se kulturele identiteit, skryf sy in 'n blog op AfriForum Wêreldwyd. "Ons doen wat ons kan om Afrikaans hier in ons huis te koester. Ons lees Afrikaanse boekies dat dit klap! Ons sing liedjies, gesels en speel in Afrikaans. Ons voer videogesprekke met almal in Suid-Afrika. Ons ondersteun sport in Afrikaans. Afrikaans is 'n briljante, kleurvolle, raaksê-taal. Dit is 'n besigheidstaal, 'n liefdestaal, 'n kooktaal, dié rugbytaal, 'n taal vir speel, bid en leer. So ek wil my deel doen om Afrikaans ook in die buiteland te bevorder."

## Vyf wenke: Hou Afrikaans só aan die gang in die vreemde

AfriForum Wêreldwyd is 'n platform vir elke Afrikaner wat in die buiteland woon, maar steeds in voeling met sy of haar geboorteland wil bly. **Sue-Ann de Wet**, AfriForum se hoof van Diaspora, gee hierdie praktiese wenke vir hoe Afrikaanssprekende gesinne steeds die gebruik van hul moedertaal kan bevorder.

1. **LEES AFRIKAANSE NUUS (GRATIS!)**
   Gaan klop gerus (in Afrikaans) aan by die Afrikaanse internetkuierplek Maroela Media. Op dié mediahuis se webtuiste kry lesers gehaltenuus en 'n groot verskeidenheid ander inhoud. Sluit op dié manier aan by die gemeenskap waar 'n gemiddeld van twee miljoen lesers elke maand saam lees én saam kuier.

2. **KRY JOU KYKGENOT IN AFRIKAANS (GRATIS!)**
   AfriForumTV is 'n relatiewe nuweling in die AfriForum-familie. Hier maak duisende kykers oor die wêreld heen hulle nou al tuis voor dié "kassie" om Afrikaanse vermaak, aktuele inhoud, toegang tot Afrikaanse kinder- en geestelike programme, asook radio-uitsendings aanlyn geheel en al gratis te ontvang.

3. **DIS GOED OM TE WEET (GRATIS!)**
   Op die aanlyn ensiklopedie en e-naslaangids WEET kan kinders (en volwassenes) na hartelus lees oor alles en nog wat. Dié platform gee aan jongmense toegang tot betroubare inligting in Afrikaans wat as naslaanbron vir skooltake en -opdragte gebruik kan word. Soek die kleinspan feite oor die maanlanding, die Groot Muur van China, die Verenigde Nasies of selfs Griekse mitologie? Met honderde goed nagevorste artikels in meer as 'n dosyn kategorieë het WEET die antwoorde waarna hulle op soek is. WEET is 'n inisiatief van Maroela Media.

4. **WOLKSKOOL: IN DIE "WOLKE" OOR AFRIKAANS**
   Wolkskool is 'n inisiatief van die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) en is gestig om akademiese prestasie in Afrikaans enige tyd en op enige plek te help verbeter. Duisende Afrikaanse leerders in Suid-Afrika is reeds hierby ingeskakel, maar Afrikaanse leerders in die buiteland – veral dié wat net tydelik daar woon en in die tussentyd tuis onderrig word – sal ook baat by dié model. Dié aanlyn leerplatform bied meer as 16 000 videolesse, werkkaarte en assesserings in agt laerskool- en sestien hoërskoolvakke in Afrikaans aan.

5. **GESELS, LAG EN BRAAI IN AFRIKAANS**
   Moenie die waarde van jou Afrikaanse gemeenskap onderskat nie. Afrikaanse video-oproepe na familie by die huis, kuiers saam met Afrikaanse vriende in jou omgewing en Afrikaanse gemeenskappe in die buiteland – soos kerke – gee oud en jonk kans om Afrikaans te praat en langs 'n braaivleisvuur in die vreemde sommer terselfdertyd ook die kultuur vuurwarm en aan die gang te hou.



# 'Entrepreneurskap bring hoop vir die toekoms'

Deur Carina Bester | Foto's: Okay Dear en verskaf




Hier is die vroue van Allegaartjie saam met die span van AfriForum Sakenetwerk tydens die Tinteltong Toekennings-geleentheid. Van links is **Sanderien van der Walt** (AfriForum), **Didi Serfontein**, **Linda Gordon**, **Thelma Oosthuizen** en **Nikkie Nel** (AfriForum).

Allegaartjie. Dít is die woord én naam wat Thelma Oosthuizen se onderneming in Stilbaai perfek beskryf.

Dit was ook die woord wat hulle in die HAT gevind het toe sy en haar ma, Linda Gordon, na 'n naam vir die onderneming gesoek het.

"Ons het 'n naam gesoek wat nie te swaar geklink het nie. Dit moes net 'n lekker-sê-woord wees wat lekker op die tong val. My ma kry toe die naam 'allegaartjie', wat 'n mengsel of versameling van verskillende soorte goed beteken. En dit was presies wat ons was. Die naam was perfek vir ons," vertel Oosthuizen.

Allegaartjie het in 1998 ontstaan nadat Oosthuizen en haar man vir 'n ekstra inkomste bokpootsleutelhouers en biltong verkoop het. Haar ma het destyds twee ondernemings, 'n skoenwinkel en 'n winkel wat tweedehandse items verkoop, in Riversdal besit en voorgestel dat hulle nóg 'n onderneming in Stilbaai begin en dat Oosthuizen dit dan bestuur.

Oosthuizen vertel sy het daardie tyd ook vir 'n ekstra inkomste speserye van die plaas af verpak en aan ondernemings verkoop. "Ons neem toe dit wat ons het en gooi dit bymekaar. Met 'n paar reekse skoene, drie tweedehandse meubelstukke en 'n rak vol speserye het Allegaartjie sy begin gemaak."

Sy sê haar geheim destyds was dat as sy R1 200 verdien het, sy R1 000 in die onderneming teruggeploeg het en die R200 gebruik het om mee te leef. Só het sy haar eie voorraad opgebou en die onderneming later oorgeneem.

"Ons het tien jaar gelede besluit om uit te brei en ons eie erf te koop waar ons ons eie gebou kon oprig. Allegaartjie kom al vir drie generasies saam met ons. Alles wat ons van die sakewêreld weet, het ons by my ma geleer. Ons is dankbaar vir my pa wat ons al die jare ondersteun en gehelp het in die onderneming. Niks was ooit vir hom te moeilik of te veel nie – van kaste bou tot herstelwerk doen. My man moet ook maar altyd inspring en hawe toe ry wanneer ons 'n oorsese besending ontvang."












LINKS BO: Die drie vroue van Allegaartjie: **Didi Serfontein**, **Linda Gordon** (middel) en **Thelma Oosthuizen**. MIDDEL: Wanneer 'n nuwe besending voorraad afgelewer word, is **Linda Gordon** heel eerste op die vragmotor. REGS BO: Allegaartjie se pragtige boetiek.

> **"Allegaartjie het in 1998 ontstaan nadat Oosthuizen en haar man vir 'n ekstra inkomste bokpootsleutelhouers en biltong verkoop het.**

Die grootste seëning is die mans in hul lewe se ondersteuning en aanmoediging in moeilike tye, asook die vryheid wat hulle gegun word om hulle drome na te streef. Gordon het egter nou ná 40 jaar afgetree en Oosthuizen se dogter, Didi Serfontein, is al die laaste agt jaar deel van die onderneming en neem die onderneming weer met haar eie innovering en vernuwing na die volgende vlak.

"Ons is trots om te sê dat ons gegroei het van 'n piepklein winkeltjie na 'n maatskappy met 28 personeellede waar ons drie ondernemings langs mekaar het."

Volgens haar is entrepreneurskap Suid-Afrika se behoud en solank daar entrepreneurs is, sal daar altyd werk wees.

"Dit is verstommend hoe innoverend mense raak wanneer hulle swaarkry. Dit is ook vir my so mooi om te sien hoe innoverend die jeug van ons dorp en die land is. Covid-19 het ons geleer om uit die boks te dink en ek dink as 'n onderneming Covid-19 oorleef het, kan daardie plek enige iets oorleef. Entrepreneurskap bring hoop vir die toekoms."

Om volgens haar suksesvol te wees as 'n entrepreneur het jy 'n droom en buitengewone deursettingsvermoë nodig.

Oosthuizen sê entrepreneurs en sakelui moet beslis in Afrikaans handeldryf. "Wat is dan beter as om ons land, ons mense en ons tradisies in Afrikaans uit te leef en te laat beleef?"

Hierdie restaurant, boetiek, geskenk-, meubel- en skoenwinkel met sy Mediterreense atmosfeer het vanjaar boonop ook met 'n Tinteltong Toekenning van AfriForum Sakenetwerk weggestap.

AfriForum Sakenetwerk gee sedert 2016 erkenning aan ondernemings wat in Afrikaans handeldryf. Vanjaar is 47 innoverende Afrikaanse ondernemings beloon – die meeste Tinteltong Toekennings tot nog toe.

Op die vraag oor wat dié toekenning vir hulle beteken, sê sy: "Al is die rede dat 'n mens sake doen eintlik dat jy jou eie drome verwesenlik, is dit tog 'n reusevoorreg om raakgesien te word, erkenning te kry en waardeer te word. Dit gee 'n mens sommer weer 'n lekker hupstoot en motiveer 'n mens om meer innoverend te dink en te doen."

Om suksesvol as entrepreneur te wees, verg harde werk – iets wat hierdie drie suksesvolle entrepreneurs goed verstaan.

"As jy 'n droom het, daarin glo en bereid is om hard te werk, is niks onmoontlik nie. Moenie te trots wees om raad te vra of 'n mentor te hê nie. Dit is 'n voorreg om sulke mense in jou lewe te hê. Omring jou met mense wat meer kennis as jy het. Wees bereid om te leer, om aan te pas by die tye waarin ons leef en onthou dat verandering altyd goed is – dit hou dinge interessant," is haar raad aan ander entrepreneurs.



Noah (9) en Joshua Smith (11), eienaars van die onderneming Bin Brothers.

# *Die Korf* en sy besige entrepreneurs binnekort op die kassie

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto's: Verskaf

Nes die gedurige gezoem van bye in 'n byekorf, só is die ywerige gewerk van AfriForum se Besigheidsbytjies – oftewel jong entrepreneurs. AfriForum se Besigheidsbytjies-projek, wat in 2019 afgeskop het, is 'n unieke model wat kinders met 'n aanvoeling vir besigheid aanmoedig om hul besigheidsidees te omskep in 'n realiteit en kinders terselfdertyd toe te rus met vaardighede om dié ondernemings te laat vlamvat. Nagenoeg 400 jong entrepreneurs het reeds die afgelope ses jaar aan die jaarlikse Besigheidsbytjies-kompetisie deelgeneem en nou sprei 'n aantal van dié bytjies hul vlerke wanneer agt ondernemings en die entrepreneurs wat dit bedryf op AfriForumTV te sien sal wees in die nuwe reeks *Die Korf*.

Volgens Leandie Bräsler, bestuurder van Jeugleierskap by AfriForum, is die doel van die program nie net om blootstelling aan hierdie suksesvolle jong entrepreneurs te bied nie, maar ook om aan voornemende entrepreneurs 'n blik agter die skerms van 'n onderneming te gee. Hiermee word die stories vertel van sukses, vroeë oggende en laat aande, van harde klippe kou en hoe dit voel om die vrugte van jou arbeid te pluk.

Benewens die entrepreneurs se eie stories, gee *Die Korf* ook waardevolle advies oor hoe om in die spore van suksesvolle entrepreneurs te volg. Die geliefde sangeres Bernice West van "Lyfie"-faam en haar broer Renier van die groep Rooksein, neem kykers op 'n reis van die een besige onderneming na die volgende. Dié boetie-en-sussie-span is boonop self entrepreneurs wat hul eie onderneming, West Café, in 2022 in Pretoria oopgemaak het en bied ook advies aan die hand van eie ervaring en lesse wat geleer is.




Die produksiespan van *Die Korf*.

## KYK, NEEM DEEL EN WEN

Kykers van *Die Korf* sal die geleentheid kry om vir hul gunstelingonderneming te stem en staan sodoende die kans om self 'n lekker prys los te slaan. Hou AfriForumTV en AfriForum se sosialemediaplatforms dop vir meer inligting.

*Die Korf* sal teen September vanjaar op AfriForumTV vir intekenaars beskikbaar wees. (Onthou, intekening op dié Afrikaanse vermaakplatform is absoluut gratis!)



Onder: Die **Smith-boeties Noah** en **Joshua**, eienaars van die onderneming Bin Brothers, is binnekort te sien in die nuwe televisiereeks *Die Korf*. Dié innoverende entrepreneurspaar van Elarduspark in Pretoria het hul onderneming in Januarie 2022 begin en sien toe dat hul kliënte se munisipale vullisdromme silwerskoon gewas en ontsmet word. Hulle betaal 'n werknemer om die op- en aflaaiwerk te hanteer en spring dan self in met skoonmaakmiddels om selfs die vrotste vullisdrom skoon te maak. Hulle verkoop nou ook allerlei vullisdromsakke en stel ondersoek in na die uitbreiding van hul onderneming om ook 'n karwasdiens in te sluit.







Regs: Die 13-jarige **Lem Theron** van Krugersdorp se onderneming, Tron Gadgets, spesialiseer in die ontwerp en vervaardiging van 3D- gedrukte speelgoed en benodighede. Deur Tron Gadgets kry hy nie net blootstelling aan entrepreneurskap en alles wat met die sakewêreld te doen het nie, maar is hy ook aan die voorpunt van nuwe tegnologie.








**Carina Bester** en **Marthinus Koekemoer** in die AfriForumTV-ateljee. Dié gesoute joernaliste sal kykers voortaan 'n dieper blik op brandende vraagstukke bied in die nuwe nuusprogram *AfriForum maak só*.

# Nuwe AfriForum-nuusprogram kyk dieper

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto: Verskaf

In 'n wêreld waar elke Jan Rap en sy maat met 'n selfoon in die hand opinies opdis as feite en groot vrae binne 'n minuut of selfs minder probeer beantwoord, raak dit al hoe moeiliker om feit van fiksie (of blootweg fopnuus) te onderskei. Die nuwe nuusprogram *AfriForum maak só* vul die gaping tussen die TikTok-manie wat die tyd waarin ons leef kenmerk en uitgebreide dokumentêre nuusprogramme. Hierdie ondersoekende nuusprogram bied nuus wat AfriForum-lede direk raak en sal voortaan kwartaalliks op AfriForumTV beskikbaar gestel word.

Die gesoute AfriForum-joernaliste Carina Bester en Marthinus Koekemoer is verantwoordelik vir *AfriForum maak só* se inhoud en tree ook as aanbieders op. Gesamentlik het Bester en Koekemoer nagenoeg 30 jaar se ervaring in die mediawêreld in onder meer gemeenskapsjoernalistiek, dagblaaie en mediaskakeling. Vandag is albei senior joernaliste by AfriForum en andersins ook verantwoordelik vir daaglikse berigte en nuusinsetsels oor veral AfriForum se werksaamhede vir die instelling se nuusplatform *Forum Nuus* (dié inhoud is beskikbaar op AfriForum se webtuiste), asook *Forum Tydskrif* wat twee keer per jaar aan lede versprei word.

Volgens Koekemoer is *AfriForum maak só* daarop gemik om meer ondersoekende nuusstories aan kykers te bring. Bester voeg by: "Ons wil met *AfriForum maak só* meer volledig verslag doen oor onder meer probleme in die land en by inwoners self hoor hoe munisipale probleme hulle daaglikse doen en late beïnvloed."

Bester hou egter vol dat die doel nie net is om aan kykers 'n dieper blik op die uitdagings te bied nie, maar om ook raak te sien dat daar "wel hoop vir die toekoms is omdat organisasies soos AfriForum en sy taklede hard werk om sake te verbeter en oplossings te vind".

Die eerste program is onlangs vrygestel. Hierin stel Bester ondersoek in na die toenemende diensleweringsprobleme in die Hoëveldse dorpie Bethal, geleë in die sukkelende Govan Mbeki Plaaslike Munisipaliteit in Mpumalanga. Dit plaas ook die fokus op die werk wat AfriForum in dié dorp doen en hoor by inwoners self watter verskil AfriForum se noodwaterpunt hier maak om verligting te bring wanneer krane op hierdie dorp telkens leegloop. Koekemoer het vir dié program met adv. Gerrie Nel, hoof van AfriForum se privaatvervolgingseenheid, gesels oor dié eenheid se ontstaan en werk.

Die *AfriForum maak só*-span beoog om in die toekoms kwessies soos korrupsie, swak dienslewering en sake van AfriForum se privaat-vervolgingseenheid te belig.

Oor waarom dit nodig is om 'n AfriForum-eie ondersoekende nuusprogram die lig te laat sien stel Koekemoer dit duidelik. "Daar is stories wat deesdae net nie meer dekking in hoofstroommedia geniet nie, maar dit is steeds belangrik dat hierdie stories vertel word. Ja, ons kyk met 'n AfriForum-bril na die wêreld en ons veg onbeskaamd vir Afrikanerregte, maar deur dié program en dit wat ons deur *Forum Nuus* dek, staan ons – soos die res van AfriForum – op vir Afrikaners en ander minderhede in Suid-Afrika se regte."

Vir Bester is die behoefte aan eie media in AfriForum ook noodsaaklik "sodat daar volledig verslag gedoen kan word oor alles wat die organisasie doen. Dit is ook belangrik om die storie van mense op grondvlak te kry."

Kyk hier na die eerste episode van *AfriForum maak só*.

# HOE OORLEEF iemand op R1 800?

*AfriForum wen saak teen Mpumalanga se Departement van Maatskaplike Ontwikkeling*

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto: Carina Bester

Tydens 'n presidensiële werkgroep oor gestremdheid wat in Maart 2023 gehou is, het pres. Cyril Ramaphosa verklaar dat nagenoeg 7% van die Suid-Afrikaanse bevolking met die een of ander vorm van gestremdheid leef. Dit kom neer op meer as 4,2 miljoen mense. "Hulle is nie net syfers nie," het hy voortgegaan, "hulle verteenwoordig mense wat ambisies, drome en 'n doel het. Hulle verteenwoordig burgers wie se reg op gelyke behandeling en gelyke geleenthede gewaarborg en beskerm moet word."

So eerbaar as wat hierdie woorde mag klink, toon gevalle soos dié van Sunfield Home Fortuna, 'n tehuis vir mense met gestremdhede buite Balfour in Mpumalanga, dat dié woorde net lippediens is. En terwyl politici voortgegaan het met vergaderings en toesprake met leë woorde, was AfriForum in 'n regstryd met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) gewikkel rakende toelae vir inwoners wat deur die staat in Fortuna se sorg geplaas is. Teen die tyd wat dié tehuis AfriForum die eerste keer in 2022 genader het, het die DMO reeds 14 jaar lank geweier om die toelae vir inwoners wat deur die staat in hul sorg geplaas is, te verhoog. Met 'n skamele bedrag van net meer as R1 800 per maand, moes die bestuur van dié tehuis raap en skraap om alle uitgawes – van kos en klere tot behuising, mediese sorg en toiletware – te dek.

Rolf Ramakers, voorsitter van die Sunfield Home Fortuna se raad, vertel dat daar al jare lank harde klippe gekou word om dié tehuis,

> **Cyril Ramaphosa verklaar dat nagenoeg 7% van die Suid-Afrikaanse bevolking met die een of ander vorm van gestremdheid leef.**



'n Groepie inwoners van Sunfield Home Fortuna.

tans 'n tuiste vir 25 privaat inwoners en 33 inwoners wat deur die DMO in hul sorg geplaas is, se deure oop te hou. Laasgenoemde het dikwels geen ander heenkome of familie wat enige steun bied nie. Die inwoners is almal óf verstandelik óf fisiek gestremd óf albei en die jongste is in sy vroeë 20's, terwyl die oudste net ouer as 60 jaar is.

Sedert Ramakers AfriForum die eerste keer genader het, het die burgerregteorganisasie die DMO hof toe gesleep om aan te dring op 'n billike verhoging van inwoners se toelae. In Januarie het die Hooggeregshof in Mpumalanga in die guns van die tehuis uitspraak gelewer en beslissings rakende die billike verhoging van toelae gemaak. Intussen het die DMO egter aangedui dat hulle teen die uitspraak gaan appelleer. Dit het tot 'n skikking buite die hof gelei. Ingevolge hierdie skikking sal 'n toelaag van R3 600 per inwoner per maand betaal word. Dit terwyl die werklike koste per inwoner tans op meer as R9 100 per maand gereken kan word.

Die skikkingsbedrag is laer as dit wat in die hofuitspraak beslis is, maar is volgens Ramakers 'n middeweg wat 'n verdere uitgerekte hofsaak waartydens geen verhoging betaalbaar sou wees nie, uitskakel. Die nuwe ooreengekome verhoging sal geldig wees tot die einde van die huidige finansiële jaar, waarna 'n verhoging van 10% per jaar sal geld.

Louis Boshoff, veldtogbeampte by AfriForum, meen dat hoewel die uiteindelike skikking neerkom op 'n laer bedrag as wat die hofbevel vereis het, dit darem vroeër finansiële verligting vir dié tehuis bring.

Ramakers stel dit op sy beurt duidelik: "As ons nie hierdie kleiner verhoging aanvaar het nie, sou ons Sunfield Home Fortuna moes toemaak." Vir hom is die oorwinning wat aan die einde van hierdie stryd behaal is, dalk nie finansieel van aard nie, maar wel moreel.

Sunfield Home Fortuna se situasie is nie die uitsondering nie. Dit is eerder die reël, verduidelik

> **Dit wil voorkom asof 'n weelderige persoonlike leefstyl vir baie staatsamptenare belangriker is as hul plig teenoor die gemeenskap.**

Ramakers. Talle tehuise sukkel om kop bo water te hou en baie moes al noodgedwonge hul deure sluit.

Die onbereidwilligheid om toelae te verhoog, wys volgens Boshoff op die departement se ongeërgdheid oor die versorging van kwesbare persone. "Dit wil voorkom asof 'n weelderige persoonlike leefstyl vir baie staatsamptenare belangriker is as hul plig teenoor die gemeenskap," sluit hy af.

Brenda Mendes, bestuurder van Sunfield Home Fortuna, se emosie loop oor wanneer sy uitgevra word oor haar werk. Vir haar is dit juis die liefde, omgee, tientalle drukkies en dankbaarheid van inwoners wat elke dag dié tehuis vul. Geld is nodig, ja, erken sy, maar dit is nie waarom sy en haar span elke dag met ywer hul werk aanpak nie.

**Kontak Mendes by themanager@sunfieldhomes.co.za indien jy by die tehuis betrokke wil raak.**




# SKERPSKUTSKIETDAG: Gemeenskap en industrie kom byeen oor veiligheid

Redaksie en foto's deur Carina Bester

Forum Sekuriteit, AfriForum se privaat veiligheidsmaatskappy, het op 4 Mei 'n skietdag vir die hele gesin aangebied waartydens vuurwapen- en jagfanatici die geleentheid gehad het om verskeie handelsname in die vuurwapenbedryf se wapens uit te toets. Hulle kon ook sien wat die sowat 30 veiligheidsverwante uitstallers hulle bied, na 'n hommeltuigdemonstrasie kyk en bloedingbeheeropleiding, aangebied deur Wild Medix, ontvang.

Die Skerpskutskietdag, wat by Out There Adventures buite Pretoria plaasgevind het, is aangebied om die gemeenskap en die industrie byeen te bring oor veiligheid. Skuts het ook ongeveer R700 000 se pryse – waaronder vuurwapens, teleskope, nagsigtoestelle en verkykers – losgeskiet.

Deelnemers het tydens die dag geleentheid gehad om met 'n kragtige .50-kalibergeweer te skiet. Skuts het ook op die tien skietbane met van die land se grootste invoerders – CZ, Beretta, Glock, CANiK, Springfield, Zoli, Browning, Franchi, ATA en Benelli – se wapens meegeding in die onderskeie skietkompetisies.

Vir diegene wat nog skrikkerig is vir wapens met skerp ammunisie, het die personeel van Formalito, die verspreiders van Byrna, hulle op hul gemak gesit met dié gaswapens. Deelnemers kon na teikens op 'n hindernisbaan skiet om hierdie wapen, wat geen lisensie benodig nie, uit te toets. Hulle kon derhalwe die Byrna met skerpammunisiewapens vergelyk en meer gemaklik raak met die onderskeie wapens.

Om met die titel van Skerpskieter weg te stap, moes skuts die teikens in al drie die dissiplines – handwapen, haelgeweer en jaggeweer – raakskiet. Dit moes boonop ook nog met die invoerders se wapens gedoen word en nie met die skut se eie wapen nie. Sodoende was die speelvlak om as algehele wenner gekroon te word, gelyk. Die skut van die dag wat met die 76 mm-wisseltrofee weggestap het, was Wico Swanepoel met Jacques Janse van Rensburg (tweede plek) en Antonie Petzer (derde plek) kort op sy hakke.

Skuts wat die beste op die onderskeie bane met die 9 mm-pistole gevaar het, het wapens, asook die motivering vir 'n vuurwapenaansoek gewen. Die Springbok-skut Albert Wessels het met 'n 9 mm-Springfield weggestap, Flip Buys met 'n CANiK, Dirk Venter met 'n Glock en Rhinus



**Stefan Greyson** vuur die .50-kaliber af.






Bo links: **Kallie Kriel** (uitvoerende hoof van AfriForum) en **Hannes Noëth** (uitvoerende direkteur van Solidariteit Helpende Hand) stel die AfriForum-veiligheidstudiefondstrust bekend. Bo regs: Die algehele wenners van die dag was **Wico Swanepoel** (eerste plek), **Jacques Janse van Rensburg** (tweede plek) en **Antonie Petzer** (derde plek). Op die foto is **Marius Muller** (Forum Sekuriteit), **Janse van Rensburg**, **Swanepoel**, **Petzer** en **Wimpie Vogel** (hoof van Besigheidsontwikkeling by AfriForum).

van Heerden met 'n Beretta. Gerda du Preez het die tweestrydboom ("dueling tree") gewen en ook met 'n Glock weggestap.

Die 20-jarige Rico Oosthuizen was een van die eerste skuts wat op die dag die .50-kaliber afgevuur het. Volgens hom het hy juis dié dag kom bywoon om die onderskeie invoerders se wapens uit te toets sodat hy 'n ingeligte besluit kan neem wanneer hy vir hom 'n handwapen aanskaf.

Dié benadering is deur Jacques Broodryk, AfriForum se woordvoerder vir Gemeenskapsveiligheid, beaam. "Die Skerpskutskietdag was 'n wonderlike geleentheid vir die publiek om met kenners te gesels, opleiding te ontvang en bande te versterk. Geleenthede soos dié maak juis die deur oop vir mense wat betrokke wil raak of meer wil uitvind."

Vir die kleinspan het die dag ook heelwat aktiwiteite gebied en die windbuksskietkompetisie was veral gewild. Henro Cronjé het die beste gevaar in dié kompetisie en met 'n splinternuwe windbuks weggestap.

"Die doel van die Skerpskutskietdag is onder meer om 'n ruimte te bied waar die gemeenskap en die industrie oor veiligheid kan ontmoet. Die harde werklikheid van misdaad laat ons met 'n reuseverantwoordelikheid om verstandig met veiligheid, veiligheidsopleiding en vuurwapengebruik om te gaan. Privaat vuurwapenbesit is nie iets waaraan enigemand gaan karring nie. Die organisasies en mense wat hier bymekaargekom het, is 'n bewys daarvan," het Wimpie Vogel, bestuurshoof van Besigheidsontwikkeling by AfriForum en organiseerder van die Skerpskutskietdag, gesê.

Die AfriForum-veiligheidstudiefondstrust, met 'n beginwaarde van R200 000, is

> **"Die harde werklikheid van misdaad laat ons met 'n reuse-verantwoordelikheid om verstandig met veiligheid, veiligheids-opleiding en vuurwapengebruik om te gaan.**

ook tydens die dag bekendgestel. Hierdie studiefondstrust sal jaarliks aan minstens 'n dosyn studente toegang gee tot die snelgroeiende wêreld van hommeltuigtegnologie en talle beroepsmoontlikhede bied. Studente sal hiermee in staat gestel word om 'n hommeltuiglisensie (oftewel 'n RPC) en 'n graad E- tot C-PSiRA-kwalifikasie te bekom. Hierdie lisensie en kwalifikasies van die reguleringsowerheid vir die privaat veiligheidsbedryf (PSiRA) sal hommeltuigvlieëniers die geleentheid bied om hul kennis in uiteenlopende bedrywe toe te pas, van landbou en sekuriteit tot mynbou, rampbestuur en reddingsoperasies.

Volgens Vogel is die aanbied van 'n skietdag en die bekendstelling van 'n studiefondstrust wat veral toegespits is op hommeltuiggebruik in die veiligheidsbedryf, maar wat ook in ander bedrywe toegepas kan word, 'n logiese én waardevolle kombinasie.

Dié studiefondstrust sal deur Solidariteit Helpende Hand geadministreer word. Volgens Hannes Noëth, uitvoerende direkteur van Solidariteit Helpende Hand, is hommeltuigopleiding nie net 'n opwindende nuwe studierigting nie, maar gaan hierdie kritieke vaardigheid in die toekoms al hoe belangriker word.

"Ons is trots om deel van hierdie innoverende onderneming te wees waar ons 'n platform vir jongmense skep om hulself toe te rus met die kennis en vaardighede wat nodig is om in hierdie veld te presteer. Hommeltuigopleiding is nie net 'n nuwe rigting vir ons studietrust nie, dit is 'n sprong in die toekoms in. Hiermee sal ons studente in staat stel om hulself te vestig in 'n veld wat by die dag meer relevant word," het Noëth gesê.

Ná die sukses van die eerste Skerpskutskietdag het die organiseerders daarvan bekend gemaak dat dit 'n jaarlikse instelling gaan word.

# Waterslaai:
## AfriForum en gemeenskap spring in waar regering faal

Deur Carina Bester | Foto's: Verskaf

Terwyl die regering handjies gevou sit in die dreigende waterslaaikrisis, het AfriForum in samewerking met ander organisasies en gemeenskapslede reeds sedert die begin van die jaar ingespring en duisende ton waterslaai uit die Vaalrivier verwyder.

Waterslaai (*Pistia stratiotes*) is 'n uitheemse spesie wat in Suid-Afrika se gunstige weerstoestande floreer. Die hoë vlakke van E. coli en nutriënte wat weens vervalle rioolwerke in die land se waterbronne gestort word, veroorsaak boonop dat dié spesie selfs nog vinniger groei.

Buiten dat 'n groot gedeelte van die Vaalrivier in die Vaal Barrage-gebied onder 'n digte mat waterslaai bedek is, belemmer hierdie plantspesie ook die waterlewe van die gebied. Dit veroorsaak verder dat die plante en diere in die water vrek weens 'n tekort aan suurstof in die water, terwyl die waterslaai boonop ook die natuurlike vloei van die water beïnvloed.

Volgens Jaco Grobbelaar, AfriForum se hoof van Gemeenskapstrukture vir die sentraalstreek, bedreig die waterslaai ook die ekonomie in die gebied aangesien toerisme-ondernemings wat van die rivier afhanklik is om sake te doen, nie soos voorheen kan voortgaan nie. Die eiendomswaarde langs die rivier neem ook af en mense wat langs die rivier woon het nie meer toegang daartoe nie.

Grobbelaar sê die gemeenskap het tot dusver 168 000 m³ waterslaai verwyder en gifstowwe is gespuit om dié vinniggroeiende spesie te stuit. "Ongelukkig groei die plant geweldig vinnig. Deur onkruiddoders te spuit en terselfdertyd die plant te verwyder, is die gemeenskap stadig besig om vordering te maak."

Alhoewel 'n kewer spesiaal gebroei word om waterslaai uit te roei, vrek die kewer ook net soos die waterslaai in die winter. Dus moes daar na alternatiewe oplossings gekyk word om dié vinnig verspreidende plantspesie te beperk.

Die spuit van gif het voreër vanjaar tot groot omstredenheid gelei en baie mense en selfs kenners was gekant teen die gebruik van gif. Die teenstand was só groot dat die spuit van gif tydelik gestaak is.

"Die gif wat aanvanklik gebruik is, was nie geregistreer vir gebruik op waterslaai nie, maar wel op hiasinte. Die gif bevat ook glifosaat waaroor baie mense bekommerd was omdat dit groot nagevolge inhou vir sowel mens- as dierlewe rondom die rivier," vertel Grobbelaar.

Hy sê egter daar is nou 'n nuwe onkruiddoder wat goedgekeur en geregistreer is en waarmee die waterslaai bespuit kan word. Volgens hom bevat die nuwe gif ook glifosaat, maar nie die byprodukte wat die eintlike skade veroorsaak nie.

"Hoewel die spuit van onkruiddoder op waterslaai in die Vaalrivier wel onder die toesig van Rand Water gedoen word, wil ons graag sien dat die regering ook iets daadwerkliks begin doen om hierdie indringerplante uit die rivier te verwyder."

Grobbelaar sê terwyl die gemeenskap hard werk om die groei te beperk en om die Vaalrivier te red, het die regering nog niks van hulle kant af gedoen om te help nie.

Die munisipaliteite in die omgewing is geensins betrokke om dié natuurramp te bekamp nie. "Munisipaliteite se primêre verantwoordelikheid is om toe te sien dat die rioolwerke op peil is en nie die riviere besoedel nie. Hulle versuim om daardie pligte na te kom en is daarom direk verantwoordelik vir die natuurramp," voeg Grobbelaar by.

AfriForum het in Mei 'n strafregtelike klagte teen April Ntuli, munisipale bestuurder van die Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit, gelê en dring nou daarop aan dat Ntuli in sy persoonlike hoedanigheid vervolg moet word vir die storting van rou riool in die Vaalrivier in dié munisipale gebied. Dié grootskaalse storting bied onder meer 'n gunstige teelaarde vir verskeie indringerplantspesies, insluitend waterslaai.

Volgens Grobbelaar is geen stappe al gedoen om die vervalle rioolwerke reg te maak nie. "Grootskaalse besoedeling vind daagliks in die Vaalrivier plaas en is die primêre oorsaak van die onbeheerde groei van waterslaai hier. Ons sal voortgaan om druk op die owerhede te plaas om rioolaanlegte reg te bestuur. Sodoende sal ons die sekondêre probleem, naamlik die groei van waterslaai, kan pak. Die gemeenskap takel tans die sekondêre probleem, maar die regering moet ook nou sy plig rakende die primêre oorsaak dringend nakom."

Hy sê voorts as die waterslaai verder versprei, is daar 'n groot kans dat dit in die Bloemhofdam kan beland. Die waterslaaikwessie het die potensiaal om die Vaalrivier as waterbron te vernietig, wat rampspoedige gevolge vir die ekonomie en voedselvoorsiening sal inhou.


Bote is gebruik om die waterslaai na die kant te stoot sodat dit opgeskep kan word.



AfriForum se Sasolburg-tak het in samewerking met die Vaaldriehoek-diepseehengelklub waterslaai uit die Vaalrivier verwyder.


Waterslaai word op 'n trok gelaai.


Vrywilligers besig om waterslaai uit te skep.

### Só gryp die gemeenskap in terwyl die regering toekyk:

| | Gemeenskap (vrywilligers) | Regering |
|---|---|---|
| **Spandering** | R6 miljoen | Geen |
| **Verwydering van waterslaai** | 168 000 m³ | Geen |
| **Dae gewerk** | 80+ | Geen |
| **Hektaar bespuit** | 214,36 ha | Geen |

# SÓ MAAK DIE AFRIFORUM-AKSIESPAN IN PRETORIA

Redaksie en foto's deur Marthinus Koekemoer

AfriForum se splinternuwe aksiespan het hul bedrywighede op 15 Mei in die ooste van Pretoria begin. Hierdie span bestaan tans uit vier lede en sal vanuit die AfriForum-hoofkantoor werk vanwaar hulle na gebiede waar probleme geïdentifiseer is, ontplooi kan word.

“’n Span wat vanuit hoofkantoor werk is belangrik sodat daar op spoedige diens gefokus kan word. Ons wil hierdie vermoë skep en uitbrei sodat, indien daar probleme in Pretoria ontstaan wat binne ons vermoë opgelos kan word, ons dit binne 48 uur kan doen,” sê Marié Steinberg, AfriForum se hoof van Gemeenskapstrukture vir die noordstreek.

AfriForum het ook vier buurtspanne in Pretoria wat reeds ’n geruime tyd lank volhoubare projekte aanpak. Hierdie spanne fokus op algemene instandhoudingswerk in Centurion, die Moot en die noorde van Pretoria. AfriForum het ook vroeër vanjaar ’n samewerkingsooreenkoms met die Tshwane-metro aangegaan en al bogenoemde spanne se werksaamhede sal by hierdie ooreenkoms inskakel.


Die aksiespan het hul werksaamhede met die skoonmaak van middelmanne en sypaadjies by groot verkeerskruisings begin, maar hulle sal ook aangewend word om gras te sny, padmerkers te verf, slaggate op te vul en verkeerstekens te herstel of te vervang. Daar word weekliks beplan aan die span se werksaamhede.

“Die span se pligte sal waarskynlik mettertyd uitbrei en dit kan beteken dat hulle ook later straatligte sal vervang, waterlekkasies herstel, herwinning sal doen en moontlik by vullisverwydering betrokke sal raak. Hulle het vir ’n maand lank opleiding by AfriForum se Centurion-tak ontvang waar daar twee voltydse spanne van tien werkers elk is,” vertel Steinberg.

’n Bakkie, ’n 4 ton-dubbelassleepwa, ’n Kudu-grassnyer, vier bossiekappers, vier grawe, vier spitvurke, twee 20 liter-gifspuitkanne, volledige persoonlike veiligheidstoerusting, 20 kegels, veiligheidspadborde en die nodige slaggathersteltoerusting is vir die aksiespan aangeskaf. Die span sal voltyds – Maandag tot Donderdag van 08:00 tot 16:30 en Vrydag van 08:00 tot 15:00 – werksaam wees. Die spanlede werk vir salarisse en word deur hoofkantoor, die Garsfontein-tak en die Moreletapark-tak befonds.

“Soos nuwe behoeftes geïdentifiseer word, sal ons die aksiespan se take uitbrei of aanpas. Ons hoop is om al vyf die spanne in Pretoria uit te brei sodat hulle meer gedoen kan kry. Die spanne sal natuurlik ook vinniger kan groei as die gemeenskap en ondernemings ons ’n finansiële hupstoot sou gee. Daarbenewens sal spanne in ander plekke geëvalueer word soos wat ons kapasiteit groei,” sê Steinberg.

> **“Hierdie spanne fokus op algemene instandhoudingswerk in Centurion, die Moot en die noorde van Pretoria.**



**Danie Visser (52)**
Visser het omtrent vyf jaar gelede van Kaapstad na Pretoria verhuis om nader aan sy familie te woon. Hy het vir omtrent 30 jaar by die poskantoor gewerk.



**Willem van Dyk (65)**
Van Dyk het twee jaar gelede vir werk Pretoria toe gekom. Hy het voorheen in Johannesburg gebly waar hy by ’n goudmyn gewerk het.



**Dean Rademeyer (21)**
Rademeyer het in Pretoria grootgeword, maar het ook vir ’n paar jaar in Port Elizabeth gewoon. Hy het as karwag in Gezina gewerk voor hy by die aksiespan aangesluit het.



**Howard de Lange (45)**
De Lange is op Fochville gebore, maar woon al jare lank in Pretoria. Hy het by ’n konstruksiemaatskappy gewerk voor hy by die aksiespan aangesluit het.







Studente aan die Noordwes-Universiteit (NWU) het in Februarie tydens ’n stille protes hul steun aan **Shaun Christie** gewys tydens ’n interne gesprek met die NWU se dissiplinêre komitee.

# Student onskuldig bevind op vier klagtes

Redaksie en foto's deur Carina Bester

In ’n wêreld waar ideologieë dikwels op jongmense afgedwing word, het AfriForum Jeug besluit om studente te ondersteun deur aan hulle hul stem terug te gee.

Daarom het AfriForum Jeug nie geskroom om Shaun Christie, ’n student aan die Noordwes-Universiteit (NWU) se Potchefstroomkampus, te ondersteun nie nadat hy aan die begin van die jaar sy reg tot vryheid van spraak gebruik het om op te staan teen die inhoud wat tydens ’n oriënteringsgeleentheid vir eerstejaarstudente bespreek is. Tydens dié sessies is LGBTQIAP+-regte onder meer bespreek en Christie het aangevoer dat studente nie veilig voel om oor Christenskap te praat nie, maar dat gesprekke oor genderkwessies wel toegelaat word.

Dít het tot gevolg gehad dat Christie tydelik geskors is en ná ’n interne gesprek met die NWU se dissiplinêre komitee in Februarie is sy skorsing gedeeltelik opgehef sodat hy sy klasse kon bywoon. Hoewel hy sy akademiese verpligtinge op kampus kon nakom, was hy steeds verbied om aan openbare geleenthede op kampus deel te neem.

Sy dissiplinêre verhoor het op 12 Maart begin en hy is ná ’n uitgerekte stryd op 31 Mei onskuldig bevind aan haatspraak en nog drie klagtes. Christie is slegs skuldig bevind aan die ontwrigting van ’n universiteitsprogram. AfriForum Jeug se regspan van Hurter Spies Ing. het hom tydens dié verhoor ondersteun. Die universiteit het onder meer aangevoer dat Christie homself met opset skuldig gemaak het aan “haatspraak deur studente aan te hits om teen die LGBTQIAP+-gemeenskap op te staan”. Hy is verder daarvan aangekla dat hy ’n universiteitsprogram opsetlik ontwrig het; die regte van die spreker van die betrokke sessie, Chloe Valerie van der Walt, geskend het; homself skuldig gemaak het aan vyandige behandeling van die LGBTQIAP+-gemeenskap; en dat hy wederregtelik en met opset ’n vals uitlating rakende die universiteit se beweerde onverdraagsaamheid teenoor Christelike waardes gemaak het.

Christie het vroeër vanjaar aan *Forum Nuus* gesê hy is ongelooflik dankbaar vir AfriForum Jeug se ondersteuning. “Die organisasie gee werklik om, nie net vir my nie, maar ook vir ander mense van die land. Vryheid van spraak is vir my baie belangrik en dit is ’n grondwetlike reg. Elke persoon het die reg om te luister na wat hulle wil en om te glo waarin hulle glo sonder om dit op ander af te dwing.”

Volgens Ronald Peters, bestuurder van AfriForum Jeug, is die organisasie dankbaar dat Christie sy studies kan voortsit en is hulle ook tevrede met die uitslag. “Die klagstaat teen hom was swaar gelaai en wek kommer oor universiteitsbestuur se magsmisbruik en viktimisering van studente wat opstaan teen ongeregtigheid. Wat ons tans op kampusse ervaar is dat die “woke”-ideologie baie sterk gedryf word en dat selfs die universiteite se bestuur dié narratief dryf. Dit wat by die NWU gebeur het, is nog ’n voorbeeld daarvan. Ons ondersteun die beginsel dat universiteite plekke van oop dialoog en verskillende menings moet wees waar studente nie onderdruk, stilgemaak of gestraf moet word vir hul persoonlike oortuigings nie,” het Peters gesê.

Alhoewel Christie aangedui het dat hy tevrede is met die uitslag, het hy gesê dat hy graag sou wou hê dat die paneel ’n bevinding moes maak oor die kern van sy saak wat hy beskou as “die teenwoordigheid van voorkeurbehandeling en indoktrinasie op kampus”. AfriForum Jeug het hom daarom nou daartoe verbind om die oriënteringsprogramme aan openbare universiteite te moniteer om diskriminasie in die keuring van organisasies of individue vir deelname aan die programme te verhoed.




**Ronald Peters** (AfriForum Jeug-bestuurder) en **Shaun Christie**.



**Barend Uys** (hoof van Interkulturele Verhoudings en Samewerking by AfriForum), **Mqondisi Moyo** (president van die Mthwakazi Republiek Party), **dr. Theo de Jager** (uitvoerende direksievoorsitter van Saai), **Ben Freeth** (uitvoerende direkteur van die Mike Campbell-stigting) en ***Kgosi* Mogakolodi Masibi** (*Kgosi* van die Batlharo Boo Tokwana-Ba-Ga-Masibi).

# STEL SAOG-TRIBUNAAL WEER IN WERKING, VRA ORGANISASIES

Deur Carina Bester | Foto's: Verskaf

Ben Freeth (54), uitvoerende direkteur van die Mike Campbell-stigting, het 800 km te perd afgelê as deel van dié stigting en ander organisasies se veldtog vir die herinstelling van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) se tribunaal. 'n Memorandum waarin die betrokke organisasies 'n beroep doen op die herinstelling is na afloop van Freeth se epiese tog aan die SAOG gestuur.

Verteenwoordigers van die Mike Campbell-stigting, die Mthwakazi Republiek Party (MRP), die Suider-Afrika Agri Inisiatief (Saai), AfriForum en die kantoor van *Kgosi* Mogakolodi Masibi van die Batlharo Boo

> "Mount Carmel is beset en Campbell, Freeth, hul plaaswerkers en hul gesinne se huise is in 2009 afgebrand.

Tokwana-Ba-Ga-Masibi- tradisionele gemeenskap het ook 'n afskrif van hierdie memorandum by die historiese Turnhalle-gebou, die voormalige setel van die tribunaal in Windhoek, onderteken as 'n simbool van hul beroep op die SAOG.

Die ondertekening van die memorandum op 18 Maart was die finale stap in die tweeledige trek wat Freeth op 28 November 2023 by die hek van die plaas Mount Carmel, in sentraal-Zimbabwe, begin het. Hy het te perd van dié plaas ongeveer 800 km ver deur Zimbabwe gereis en daarna wes langs die Caprivi-strook in Namibië. Vandaar is hy tot in Windhoek waar die ondertekening plaasgevind het.

Freeth en sy skoonpa Mike Campbell het in 2001 'n uitsettingskennisgewing van die Zimbabwiese regering ontvang slegs twee jaar nadat dié regering bevestig het dat Campbell se plaas Mount Carmel nie vir die regering se grondhervormingsprogram bekom gaan word nie. Campbell en Freeth het dié grondonteiening sonder vergoeding-saak in die Hooggeregshof in Harare beveg, maar was onsuksesvol. Hulle het dit daarna na die SAOG-tribunaal geneem wat in 2008 in Campbell en Freeth (en ander boere wat by die regsaksie aangesluit het) se guns beslis het. Dié tribunaal het bevind die Zimbabwiese regering het die SAOG se beginsels van menseregte geskend en het beslis die boere het die reg om hul plase te besit en te bewerk.

Die Zimbabwiese regering, onder leiding van voormalige pres. Robert Mugabe, het dié beslissing egter geïgnoreer. Mount Carmel is beset en Campbell, Freeth, hul plaaswerkers en hul gesinne se huise is in 2009 afgebrand. Die regerings van die SAOG het daarna besluit om die werksaamhede van die tribunaal op te skort.

Volgens Freeth was hierdie tribunaal oop vir enige SAOG-burger wat deur die regstelsel in hul land in die steek gelaat is. "Die effektiewe sluiting van die tribunaal was 'n verwringing van die gereg wat meer as 400 miljoen burgers in 16 SAOG-lande van geregtigheid ontneem het."

Daarom is daar ook in die memorandum versoek dat die SAOG-tribunaal weer opgerig moet word om as 'n waarborg te dien vir die beskerming van menseregte, die oppergesag van die reg en veral eiendomsreg, die reg om te leef, vryheid en ongebondenheid.

Volgens Barend Uys, hoof van Interkulturele Verhoudings en Samewerking by AfriForum, het 'n herstelde SAOG-tribunaal 'n noodsaaklike rol om te vervul om vreedsame naasbestaan en 'n vry, veilige en voorspoedige toekoms vir alle kultuurgemeenskappe in Suider-Afrika te verseker – veral in gevalle waar geregtigheid aan gemeenskappe en individue in hul eie lande geweier is.



Ben Freeth




**Mqondisi Moyo** (president van die Mthwakazi Republiek Party) onderteken die memorandum, terwyl **dr. Theo de Jager** (links, uitvoerende direksievoorsitter van Saai) en **Ben Freeth** (regs, uitvoerende direkteur van die Mike Campbell-stigting) toekyk.



Verteenwoordigers en ondersteuners wat die memorandum aan die SAOG onderteken het.




21 Nguni-inheemseveldbokke is aangekoop vir die inheemseveldbokprojek in die Barolong Boo Seleka-koninkryk.


**Nantes Kelder** (AfriForum), **Leon Lourens** (Saai), ***Kgosi* Gaboilelwe Moroka** (Barolong Boo Seleka- tradisionele gemeenskap), **Gerhard Lourens** (LGL) en ***Kgosana* Mokoto Moroka** (Barolong Boo Seleka- tradisionele gemeenskap).

# Landbouprojekte boer vooruit

Deur Carina Bester | Foto's: Marthinus Koekemoer en verskaf

AfriForum en die Suider-Afrika Agri Inisiatief (Saai) se inheemseveldbokprojek is in Mei in die Barolong Boo Seleka-koninkryk by Thaba 'Nchu, oos van Bloemfontein, van stapel gestuur. Hierdie projek is met 'n kudde van 21 Nguni-inheemseveldbokke begin.

Met hierdie projek wil bogenoemde organisasies plaaslike kleinboere met die nodige kennis en vaardighede toerus om hul bestaans- en kleinskaalse boerderye tot winsgewende ondernemings uit te bou. Hulle wil ook 'n bokkudde daarstel wat mettertyd tot 'n bokboerdery kan ontwikkel en bokke sal lewer om verdere ontwikkelingsprojekte op voetsoolvlak te begin.

Gerhard Lourens van die inheemseveldbokstoet LGL het vir die plaaslike boere, *Kgosi* Gaboilelwe Moroka (*Kgosi* van die Barolong Boo Seleka- tradisionele gemeenskap) en haar span opleiding aangebied om met dié bokke te boer.

"Landbou is die sleutel tot voedselsekerheid en volhoubaarheid, asook om wanvoeding, armoede en werkloosheid die hoof te bied. Hierdie veldbokprojek dien as 'n ontwikkelingspunt vir die rigting waarin ons glo bokboerdery moet beweeg in al die landelike gemeenskappe van Suid-Afrika," sê *Kgosi* Moroka.

"Ons is besig om 'n netwerk van selfstandige kultuurgemeenskappe op die grondslag van wedersydse erkenning en respek te vestig waarbinne gemeenskappe saamwerk," sê Barend Uys, hoof van Interkulturele Verhoudings en Samewerking by AfriForum. Die samewerking met die Barolong Boo Seleka vorm deel hiervan.

By nog 'n suksesvolle landbouprojek buite Rustenburg het AfriForum, Saai en Thabake Business Enterprise vanjaar 'n tweede suksesvolle oes gelewer. Altesaam 4 191 kg murgpampoen, 728 kg rooikool en 740 kg kool is geoes en aan Nutripick gelewer. 'n Verdere 770 blomkoolkoppe is ook aan ander kliënte gelewer.

Tydens druktyd het die span gereedgemaak om nóg groente aan te plant.

Lebo Mosime, uitvoerende hoof van Thabake Business Enterprise, het AfriForum in 2022 genader nadat sy besluit het om die kleinskaalse groenteboerdery wat sy in haar agterplaas op 2 000 m² bedryf het, uit te brei. Hoewel sy suksesvol produkte aan die mark gelewer het, was die skaal te klein om ekonomies lewensvatbaar te wees. AfriForum en Saai het Thabake Business Enterprise gehelp om 0,75 ha van die hoewe van 21 ha in die Phokeng-omgewing wat Thabake Business Enterprise by Royal Bafokeng Enterprise huur, onder songedrewe drupbesproeiing te plaas.


Verteenwoordigers van AfriForum, Saai, LGL Inheemseveldbokstoet en die Barolong Boo Seleka.


**Nantes Kelder**, **Lebo Mosime** en **Barend Uys** tydens die eerste oes in 2023.





# Forum vir Atlete daar om atlete te ondersteun

Deur Carina Bester | Foto: Verskaf


AfriForum Sport het aan die begin van die jaar 'n gholfdag gehou waartydens fondse vir die Forum vir Atlete ingesamel is.

Professionele atlete wat op die hoogste vlak meeding, berei dikwels hul lewens lank voor om aan die Olimpiese Spele en ander groot byeenkomste deel te neem – die meeste van die tyd ook nog op eie onkoste. In die meeste ander lande ondersteun die nasionale sportfederasies hierdie atlete sodat hulle behoorlik kan voorberei en alles tot hulle beskikking het om deel te neem.

In Suid-Afrika lyk die prentjie egter baie anders. Suid-Afrikaanse atlete ontvang min tot geen finansiële hulp van die regering of sportfederasies om deel te neem nie. Terwyl die regering miljoene bestee het om Mama Joy Chauke en Botha Msila, die Springbokke se sogenaamde "superondersteuners", se reis- en verblyfkoste by verlede jaar se Wêreldbeker-rugbytoernooi in Frankryk te betaal, kon hierdie geld eerder aangewend geword het om Suid-Afrikaanse atlete na vanjaar se Olimpiese Spele te stuur. Dit kon ook die talle minderbevoorregte atlete die nodige hupstoot gegee het om na Parys, Frankryk te reis vir vanjaar se Spele.

> "In Suid-Afrika lyk die prentjie egter baie anders. Suid-Afrikaanse atlete ontvang min tot geen finansiële hulp van die regering of sportfederasies om deel te neem nie.

Alhoewel AfriForum Sport werk om die onderskeie sportfederasies aanspreeklik te hou vir hul swak bestuur en administrasie, het die organisasie ná heelwat konsultasies met atlete besef dat daar self ingespring gaan moet word om atlete te ondersteun – hetsy finansieel of met byvoorbeeld optimale kondisionering of voeding.

Dit is waarom AfriForum Sport die Forum vir Atlete op die been gebring het. Die Forum vir Atlete is as' t ware 'n voertuig waarmee atlete toegang tot die nodige hulpbronne kan kry om voldoende vir kompetisies en byeenkomste voor te berei en daaraan deel te neem.

"Die Forum vir Atlete is inderwaarheid die middelman tussen die privaat sektor en die atleet. Ons wil graag as kanaal dien om atlete wat nie die nodige ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Sportfederasie en Olimpiese Komitee (Saskok) of Atletiek Suid-Afrika (ASA) kry nie, met die privaat sektor in kontak te bring sodat hulle wel die land op die hoogste vlak kan verteenwoordig," sê Ronald Peters, bestuurder van AfriForum Sport.

AfriForum Sport het aan die begin van die jaar reeds 'n gholfdag gehou waartydens fondse vir die Forum vir Atlete ingesamel is. Hierdie geld gaan aangewend word om atlete wat aan die Spele gaan deelneem, te help.

Dave Chamberlain, sakeman van Pretoria, het verlede jaar 2 173 km in 29 dae afgelê waartydens hy R21 730 ingesamel het vir dié fonds. Hierdie geld is aan Esti Olivier, Suid-Afrikaanse vrouesnelroeikampioen, oorhandig om haar te help met haar voorbereiding vir die Spele.

Dit is maar een van vele voorbeelde van hoe die privaat sektor inspring om atlete te ondersteun. Besoek AfriForum Sport se webtuiste by **www.afriforumsport.co.za** om deel van die Forum vir Atlete te word of om tot die fonds by te dra.

# Boelies:

## WANNEER WOORDE JOU BREEK

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto's: Verskaf en Facebook

"I feel alone. They don't want to be my friend. I'm a loser." 'n Briefie met dié woorde het in Julie 2020 'n stukkie van die legkaart van die 12-jarige Herman Odendaal van Kestell in die Vrystaat se lewe in plek laat val. Op 'n Vrystaatse wintersdag, midde-in die Covid 19-pandemie, het Herman sy eie gelewe geneem en sy woorde op papier het lig gewerp op wat werklik in dié stil, teruggetrokke seun se kop gewoel het. Nou, sowat vier jaar later, is daar steeds soveel onbeantwoorde vrae waarmee sy ma Arina worstel, maar ook 'n besef dat ander deur Herman se storie gehelp kan word.

Die Odendaal-gesin se ervaring van die uitwerking wat boelies op 'n kind kan hê, is ekstreem. Nie alle kinders wat deurloop onder afknouery pleeg selfdood nie, maar die rol wat boeliegedrag in kinders se geestesgesondheid speel kan nie misken word nie.

### Sewe uit elke tien kinders word geraak

Die statistiek rakende selfdood onder kinders en die aantal oproepe wat kinderhulpinstellings soos Childline SA ontvang, getuig daarvan. Gedurende die laaste kwartaal van 2023 het dié organisasie meer as 150 oproepe om hulp rakende boeliegedrag ontvang. Volgens 'n studie wat in 2023 in die vaktydskrif *International Journal of Environmental Research and Public Health* verskyn het, het navorsers – wat hul studie in die Tshwane-onderwysdistrik onderneem het – bevind dat nagenoeg 74% van leerders wat aan die studie deelgeneem het of slagoffers van boeliegedrag was óf hulself aan boeliegedrag skuldig gemaak het. Dit kom neer op as meer as sewe uit elke tien kinders wat op die een of ander manier deur dié gedrag geraak word.

Navorsers van dié studie beveel voorts aan dat skole strategieë moet ontwikkel om boeliegedrag te identifiseer en onderwysers op te lei in hoe om dié gedrag te takel.

### Só maak AfriForum en sy teenboeliespan

AfriForum se Teenboelieveldtog is in 2017 begin nadat navorsing wat by dié burgerregteorganisasie gedoen is, bevestig het dat die voorkoms van geweldpleging onder volwassenes teruggevoer kan word na geweldenaars se kinderdae. Dit, meen Leandie Bräsler, bestuurder van Jeugleierskap by AfriForum, het haar laat besef dat die siklus van geweld slegs verbreek kan word indien ingryping so jonk as moontlik geskied. Dit het tot die ontstaan van die Teenboelieveldtog gelei, 'n projek wat Bräsler steeds hanteer en wat haar baie na aan die hart lê.

In die afgelope nagenoeg nege jaar het Bräsler en haar span meer as 133 000 leerders, 6 000 onderwysers en 2 000 ouers by sowat 180 skole landwyd toegespreek oor die gevare van boeliegedrag en hoe om dié gedrag te bekamp. Oor waarom AfriForum juis dié taak aanpak, stel Bräsler dit duidelik: "Veilige skole sorg vir veilige gemeenskappe, nou en in die toekoms." Daarom is AfriForum, as 'n organisasie wat toegewyd is aan die vestiging van gesonde en veilige gemeenskappe, ideaal gerat vir dié belangrike taak.

### Kopseer en "skoolsiek" – 'n ma vertel

Arina praat openlik oor haar en haar seun Herman se storie van boelies en selfdood. "As ek een ma kan help en keer dat sy hierdeur gaan, dan praat ek," verduidelik sy. In 'n kort dokumentêr wat AfriForum enkele maande ná Herman se dood verfilm het, vertel sy en haar man Johan hoe daar op die dag wat hul seun sy eie lewe geneem het, nie tekens was van wat hul seun beplan het nie.

As Arina egter vandag terugkyk na die tyd voor Herman se dood, was daar wel gevaarligte. Dit is juis hierdie waarskuwingstekens wat sy meen ouers, onderwysers en sibbe op moet let. "Hy het baie keer gekla van kopseer of ná 'n naweek gesê hy wil nie skool toe gaan nie, want sy maag is seer. Dit wat 'n mens baie keer dink is 'skoolsiek', is nie noodwendig 'skoolsiek' nie. Daar is 'n rede waarom 'n kind elke Maandag 'siek' is," verduidelik sy.

Hoewel Herman nooit laat blyk het wie hom afgeknou het nie, weet Arina dat haar seun, wat meer as 'n kop langer as sy klasmaats was, erg deurgeloop het. Hy is onder meer gespot oor sy rooi hare, sproete en groot voete.

Haar "stil kind" het in die twee na drie maande voor sy dood selfs stiller geword en hom meer onttrek, onthou Arina nou. "Hy het byvoorbeeld sy kamer geskuif en vir homself 'n klein hokkie ingerig. Ek het dit nie in daardie stadium besef nie, maar ek weet nou dat hy homself daarmee nog verder geïsoleer het."

Herman het ook karate, 'n sport waarin hy binne 'n kort tyd baie gevorder het, eendag skielik opgegee.

Tekens soos Herman se "skoolsiekte", onttrekking en staking van aktiwiteite wat hy voorheen geniet het, is nou vir Arina duidelike tekens dat haar kind swaar getrek het. Sy moedig ouers aan om ook uit te kyk vir ander gevaarligte soos dit wat kinders byvoorbeeld in skoolopstelle skryf. Soms word kinders se diepste en seerste gedagtes juis op daardie manier op papier uitgestort, verduidelik sy.

Arina, wat self ook 'n slagoffer van boeliegedrag was, het intussen 'n organisasie ter ere aan haar rooikopseun op die been gebring. Met Herman's Heroes probeer sy om die boodskap rakende die gevare van boeliegedrag by skole tuis te bring en hoop om in die toekoms ook skoolsielkundiges oor die kwessie bewus te maak.



Herman Odendaal en sy sussie Jo-Ri in 2019.




> "Geen kind moet ooit voel wat ek gevoel het nie. – Ivor Swartz

Herman was 'n "sponsie", verduidelik Arina. "Hy het alle negatiewe dinge wat mense vir hom gesê het, opgeneem." Nou beywer sy haar daarvoor om ander oor die invloed van woorde in boeliegedrag te vertel, want – stel 'n ma wat die seer van bespotting in haar eie seun moes sien, dit duidelik – "woorde maak seer".

**Wanneer seer ander seer maak**

Die 39-jarige Ivor Swartz, vandag 'n predikant en jeugbedienaar by die N.G. Kerk Oosterlig in Pretoria, ken van seer. En van seermaak. En heel word. Sy lewe het wye draaie gestap vandat hy in die armste deel van Grabouw, bekend as Die Gaatjie, grootgeword het. Dit is in hierdie dorp met sy vaderlose gemeenskap wat Ivor die prooi van boelies geword het.

Hy het dit nie in daardie stadium self besef nie, maar hy weet nou dat die afknouery en bespotting wat hy en sy jonger broer Peter deurgemaak het, ernstige boeliegedrag was. Die boeties se loopneuse en die uitwerking van trauma wat Ivor tot op laerskool nog homself laat natmaak het, het van dié behoeftige kinders die teiken van boelies gemaak, verduidelik hy. "Ek het nie die taal gehad om te weet dat die mense wat hierdie goed aan ons doen, boelies is nie," sê hy.

Sy eie besef dat woorde soms by kinders kan ontbreek en dat kinders dikwels nie kan beskryf of verstaan dat hulle afgeknou word nie, is 'n rede waarom hy vandag ook landwyd praatjies doen by skole oor die onderwerp.

"Die meeste afknouery is baie subtiel," verduidelik Ivor. Hierdie subtiele vorm van boeliegedrag laat kinders dikwels dan met 'n verwarde gevoel waar hulle seergemaak en uitgesluit voel.

In 'n rubriek wat in April op Maroela Media verskyn het, skryf Ivor onder meer oor die boelie by die huis. Sy ouer broer was in vele opsigte die boelie waarvan hy nie kon ontsnap nie.

Die aanhoudende blootstelling aan afknouery het uiteindelik sy tol op Ivor geëis en later het hy self die boelie geword en by 'n bende aangesluit. As tienerseun het Ivor en nog 'n bendelid Ivor se ouer broer geskiet. Hy is later in die hospitaal oorlede. Vir sy aandeel hieraan is Ivor op die ouderdom van 14 tronk toe. Ná vyf jaar was hy vry.










**Ivor Swartz** se boek *Kies die lewe* het in 2022 verskyn en maak die deur oop na veral depressie en selfdood onder tieners. In sy boek *Die verlore seun vannie Gaatjie* skryf hy oor sy grootwordjare.

Sedertdien het sy lewe handomkeer verander en werk hy nou juis met jongmense, en veral tieners, om hulle te lei om nie net in God te glo nie, maar ook 'n persoonlike verhouding met Hom te hê en dit ook in hulle alledaagse lewe prakties te maak.

"Geen kind moet ooit voel wat ek gevoel het nie," stel Ivor dit vurig. Hy fokus daarom in sy praatjies by skole juis op sy eie onhandigheid as kind toe hy nie geweet het hoe om sy eie "groot emosies" te verwoord nie en toe self die boelie geword het.

Oor hoe om te keer dat kinders in dieselfde lokval trap, is Ivor duidelik – gaan vertel iemand wat jy vertrou van jou seer en loop weg van jou boelie. Vir ouers raai hy aan om kinders se emosies te erken.

As Ivor vandag terugkyk op sy eie lewenspad en dié van sy tweejarige seuntjie wat nou voorlê, besef hy die belangrikheid van sy rol as pa en ouer. Hy maak 'n punt daarvan om die oordrag van trauma van die een generasie na die volgende te stop. "Die pyn stop by my," stel hy dit duidelik. Hy wil sy seun toerus sodat hy, in die woorde van die Amerikaanse skrywer en maatskaplike werker Brené Brown, die lewe met 'n "harde rug en 'n sagte bors" kan aanpak. Selfvertroue en deernis – dít, meen Ivor, is wat nodig is om die lewe met al sy goed en kwaad en boelies aan te pak.





# Unieke misdade vereis 'n UNIEKE OPLOSSING



**Jacques Broodryk**, AfriForum se woordvoerder vir Gemeenskapsveiligheid.

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto: Reint Dykema

Die bekendstelling van AfriForum se jaarverslag oor plaasmoorde en -aanvalle in April het een saak herbevestig – die uniekheid, brutaliteit en omvangrykheid van plaasaanvalle vereis 'n unieke benadering in die voorkoming van en ondersoeke na dié aanvalle en moorde.

Volgens Jacques Broodryk, AfriForum se woordvoerder vir Gemeenskapsveiligheid, is daar verskeie geweldmisdade waaraan die SAPD spesiale aandag gee. Hierdie misdade staan amptelik as "prioriteitsmisdade" bekend en sluit onder meer transitorooftogte, taxi- en bendegeweld, asook onwettige mynbou-aktiwiteite in. Broodryk benadruk dat hierdie misdade beslis uniek is, dikwels 'n spesifieke inslag het en goed georganiseerd is. Hy hou egter vol dat plaasaanvalle oor dieselfde kam geskeer kan word aangesien dit ook aan hierdie eienskappe voldoen.

Boonop is die voorkoms van plaasaanvalle dikwels veel meer omvangryk en gewelddadig as die misdade wat as sogenaamde prioriteitsmisdade geklassifiseer is, voer Broodryk aan. "Geen lewe is belangriker as 'n ander nie, maar dit is ook nie aanvaarbaar vir die regering om boere se lewens as minder belangrik af te maak nie en daarom eis AfriForum dat daar spesiale aandag aan plaasaanvalle gegee sal word."


"Terwyl die Suid-Afrikaanse regering voortgaan om hul oë te sluit vir die werklikheid van plaasaanvalle, en politici soos Julius Malema en sy ondersteuners voortgaan om openlik 'Kill the Boer, kill the farmer' te dreunsing, vra AfriForum nie vir spesiale behandeling van plaasmoorde en -aanvalle nie – ons vra bloot vir gelyke behandeling," stel Broodryk dit duidelik.

Luidens die verslag oor plaasaanvalle en -moorde het 'n totaal van 49 plaasmoorde (dus 0,94 moorde per week) gedurende 2023 plaasgevind in 296 plaasaanvalle (oftewel 5,7 aanvalle per week). Hierdie syfers is volgens Johan Nortjé, AfriForum-navorser en samesteller van die verslag, net ietwat laer as die 339 plaasaanvalle en 50 plaasmoorde wat in AfriForum se databasis vir 2022 aangeteken is.

Hierdie daling kan egter nog lank nie as 'n oorwinning beskou word nie en daarom sal AfriForum deur middel van sy nasionale veiligheidsnetwerk die stryd vir die beveiliging van landelike gemeenskappe voortsit én verskerp.

## Landelike veiligheid: AfriForum maak só

AfriForum volg 'n veg-en-bou-strategie ten opsigte van landelike veiligheid. Aan die een kant veg die organisasie en plaas druk op die regering om plaasaanvalle te kategoriseer as 'n unieke tipe misdaad waarvoor 'n unieke voorkomingstrategie vereis word. Terselfdertyd neem AfriForum deur sy meer as 170 buurt- en plaaswagte en meer as 10 000 opgeleide vrywilligers landwyd, in samewerking met ander veiligheidstrukture op grondvlak en die landelike gemeenskap, self verantwoordelikheid vir veiligheid en bou nuwe veiligheidstrukture en -netwerke waar die ruimtes daarvoor ontstaan. Intussen versamel die burgerregteorganisasie ook deurentyd misdaadintelligensie in, stel ondersoek in na die misdaadbrandpunte in landelike gebiede en moedig sy buurt- en plaaswagte aan om sigbaarheid en 'n veiligheidsteenwoordigheid in die omgewing van die brandpunte te verhoog.





Agter van links na regs is **Carien Bloem**, **Nicolene Müller**, **Alana Bailey** en **dr. Gustav von Bratt**. Voor van links na regs is die Laerskool Anton van Wouw se wenners: **Emmi-Faye Butler**, **Celesté Kempen** en **Levi Lombard**.

# Dink of Sink 2024

## – die woordestryd het weer begin!

Deur Alana Bailey | Foto's: Verskaf

Toe AfriForum kort ná ons ontstaan genader is om 'n borg van 'n onvoorbereide debatskompetisie in die Vrystaat te wees, kon niemand voorsien waar hierdie betrokkenheid by Dink of Sink sou eindig nie!

Mettertyd het AfriForum die hoofborg geword, die Wes-Kaap se Dink of Sink-kompetisie het by AfriForum se nasionale kompetisie ingeskakel en daarna het universiteite, danksy die studentegroep Agenda, ook deel daarvan geword.

Vanjaar bestaan Dink of Sink uit 'n kompetisie vir laerskoolleerders in Gauteng én vir hoërskoolleerders met uitdunne in ses provinsies, asook 'n finaal in Pretoria om die nasionale kampioene te kroon. Dan is daar ook 'n kompetisie vir universiteitstudente met uitdunne op deelnemende kampusse en 'n finaal in Centurion.

Onvoorbereide debat leer mense om op hulle voete te dink, met selfvertroue voor 'n gehoor op te tree en oortuigende argumente te formuleer. Dit is vaardighede waarby deelnemers lewenslank kan baat.

AfriForum bied die kompetisies aan om jongmense van kleins af toe te rus vir 'n wêreld waar kennis van aktuele sake aan jou 'n voorsprong gee en waar jy jou standpunte met gemak en kundigheid moet kan aanbied – ook voor aanhoorders wat soms onvriendelik teenoor Afrikaanssprekendes staan.

Die jaar het afgeskop met die kompetisie vir graad 6- en graad 7-leerders wat op 29 Februarie in Gauteng gehou is. Dit was die eerste keer dat die kompetisie in Gauteng vir laerskole aangebied is. Altesaam 42 leerders het by die Hoërskool Montana, die gasheerskool, deelgeneem. Die Laerskool Anton van Wouw het in die finaal teen die Laerskool Pretoria-Oos gedebatteer en as wenner uit die stryd getree.

Op 20 April 2024 was die uitdunne vir die beste spanne van Akademia en die Universiteit van Pretoria (UP) aan die beurt met 48 studente wat by Akademia se Gerhardstraatkampus deelgeneem het. UP 1 het gewen, met Akademia 1 in die tweede plek. Beide spanne dring dus deur na die universiteite se finale stryd.



**Alana Bailey** (links) en **Nicolene Müller** (regs) by die wenspan in die universiteitskategorie, UP 1 – **Taryn van den Berg**, **Euléne Bornman**, **Anjé van Jaarsveld** en **Reghard Pieterse**.



**Alana Bailey** (links) en **Nicolene Müller** (regs) by die naaswenners in die universiteitskategorie, Akademia 1 – **Miné Hermann**, **Myrthle Endley**, **Elsomé Thuynsma** en **Frances Dreyer**.



**Alana Bailey** (links) en **Nicolene Müller** (regs) saam met die senior kategoriewenners vir die Oos-Kaap van Hoërskool Pearson – **Elana de Villiers**, **Anke Rossouw** en **Joubert Steyn**.



**Alana Bailey** (links) en **Nicolene Müller** (regs) saam met die Oos-Kaap se junior wenspan van Hoërskool Framesby – **Therese Otto**, **Micaela Potgieter** en **Luka Weber**.

Die eerste hoërskole-uitdun het op 4 Mei 2024 by gasheerskool Hoërskool Framesby in die Oos-Kaap plaasgevind. In die junior kategorie (graad 8 tot 9) het twee spanne van Framesby in die eindrondte teen mekaar te staan gekom. Die senior wenspan was van die Hoërskool Pearson, met 'n span van die Hoërskool Brandwag in die tweede plek.

Kompetisies wat nog voorlê is die hoërskole se uitdunne in Gauteng by die Hoërskool Montana (11–12 Julie); die Wes-Kaap by die Hoërskool D.F. Malan (19 Julie); Limpopo by Merensky Landbou Akademie (26 Julie); die Vrystaat by die C&N Sekondêre Meisieskool Oranje (22 Augustus); Mpumalanga by die Hoërskool Nelspruit (28 Augustus); en die nasionale finaal op 5 Oktober in Pretoria by die Aros-kampus. Die laaste uitdunne én die finaal vir universiteite lê ook nog voor.

> **"AfriForum bied die kompetisies aan om jongmense van kleins af toe te rus vir 'n wêreld waar kennis van aktuele sake aan jou 'n voorsprong gee en waar jy jou standpunte met gemak en kundigheid moet kan aanbied.**

AfriForum bedank al die gasheerskole en kampusse vir hulle gasvryheid, asook elke onderwyser, deelnemer en ouer wat Dink of Sink jaarliks help uitbou.

Navrae en inskrywings kan aan Nicolene Müller, projekkoördineerder van Dink of Sink, gerig word by **debat@afriforum.co.za**.



# Identifiseer só veiligheidsrisiko's by kerke met AfriForum se handleiding

Deur Marthinus Koekemoer | Foto: Ilze Nieuwoudt

Die hartseer realiteit daarvan om in Suid-Afrika te woon is dat misdaad moontlik om elke draai wag. 'n Mens lees gereeld van inbrake by huise of persone wie se voertuie tot stilstand gedwing en dan deur booswigte beroof word. 'n Mens het egter nog altyd in die kerk veilig gevoel, maar selfs hier is misdaad aan die toeneem. As dit nie motors is wat uit die parkeerterrein gesteel word nie, is dit diefstal van die kerk se eiendom of selfs gewapende rowers wat tydens 'n erediens op kerkgangers toeslaan. AfriForum het derhalwe 'n handleiding opgestel wat daarop gemik is om kwesbaarhede by kerke te identifiseer sodat dit beveilig kan word.

Die handleiding neem die vorm van 'n vraelys aan met afdelings vir verskillende scenario's wat kan afspeel. Hierdie scenario's sluit enigiets van gewone diefstal tot brandstigting, ontvoering en mediese voorvalle in. Volgens Jacques Broodryk, AfriForum se woordvoerder vir Gemeenskapsveiligheid, het die speelveld tydens die ANC-regering se 30 jaar aan die stuur van die land baie verander soos wat algemene staatsverval tot verhoogde misdaadsyfers gelei het.

"In die verlede het die staat sy verantwoordelikheid ten opsigte van die beveiliging van gemeenskappe nagekom en was dit nie nodig vir sekuriteitsmaatskappye of ander instansies om kerke te beveilig nie. Met hierdie dokument wil AfriForum kerke bemagtig om proaktief op te tree deur 'n oudit te doen van die veiligheid van die kerk en sy lidmate, en deur maatreëls gereed te kry om veiligheid van lidmate in kerke te verbeter," sê Broodryk.

Skandeer om AfriForum se veiligheidshandleiding vir kerke te lees.

> **"Met hierdie dokument wil AfriForum kerke bemagtig om proaktief op te tree ...**

Die eerste 16 vrae op die lys dek interne kwessies by die kerk. Die belangrikheid van 'n noodplan word beklemtoon, asook dat hierdie plan tot die beskikking van spesifieke personeellede by die kerk moet wees. Hierdie personeel moet ook opgelei word om die noodplan uit te voer en moet die nodige sleutels tot hul beskikking hê om deure en hekke oop en toe te sluit.

Onder die afdeling vir infrastruktuur word vrae gevra oor die kerk se omheining, of daar 'n doeltreffende alarmstelsel is en of behoorlike toegangsbeheer toegepas word. 'n Heining van minstens twee meter hoog word voorgestel.

Kommunikasie is natuurlik ook belangrik. Daar moet byvoorbeeld 'n lys by die kerk op datum gehou word met kontaknommers van die plaaslike polisiekantoor, die naaste hospitaal en privaat sekuriteitsmaatskappye.

Daar word dikwels na die menslike aspek verwys wanneer iets skeefloop. Hier kan die opleiding van personeel, soos reeds genoem, 'n rol speel. Die persone wat aangestel word is egter net so belangrik. Betroubare personeel met goeie verwysings moet aangestel word. Daarbenewens moet persoonlike rekords en identiteitsfoto's van elke personeellid by die kerk gestoor word.

'n Laaste afdeling wat by die handleiding ingesluit is, is een vir ontvoering. Hierdie afdeling is spesifiek gemik op kerke wat ook as skole gebruik word. Hier word leerders aangemoedig om nie met vreemdelinge te praat nie en om in groepe eerder as alleen rond te beweeg. Weereens het die personeel ook 'n belangrike rol om te vertolk om die regte prosedure te volg indien 'n kind wel ontvoer word.

Besoek AfriForum se webtuiste om die volledige dokument te lees.







# SOOS ONS AL LANGER AS 'N HONDERD JAAR BEWYS...

## *Ons is hier vir jou.*

**EN VIR JOU.** **EN VIR JOU.**

***AVBOB se GRATIS begrafnisvoordele* is beskikbaar aan elke persoon wat deur jou AVBOB-begrafnispolis gedek word.***

***Indien AVBOB Begrafnisdiens aangestel word om die begrafnis van die versekerde lewe te behartig, sal jy GRATIS begrafnisvoordele* ter waarde van tot R21 500 ontvang:***

- 'n Basiese begrafnis ter waarde van **R13 000**, insluitende die reël en uitvoer van die begrafnis, 'n gespesifiseerde kis en lykswa
- 'n Onmiddellike kontantbetaling van **R3 000** vir aanvanklike uitgawes
- **R3 000** afslag op 'n grafsteen, verassing of waterverassing**
- Vervoer van die oorledene binne die grense van Suid-Afrika

***AVBOB BEHARTIG BEGRAFNISSE VIR POLISHOUERS, SOWEL AS NIE-POLISHOUERS.***

***Besoek gerus enige van ons agentskappe landswyd of skakel:***

***0861 28 26 21***

***#DieNommerOmTeHou***

*Standaard-oproeptariewe geld.*

**www.AVBOB.co.za**

*Bepalings en voorwaardes geld. **Die afslag op die grafsteen is geldig vir 18 maande vanaf die datum van die begrafnis en op voorwaarde dat **AVBOB** Begrafnisdiens die grafsteen verskaf. Waterverassing is tans slegs beskikbaar by **AVBOB** in Kaapstad en Pretoria. **GRATIS** begrafnisvoordele is slegs van toepassing indien **AVBOB** Begrafnisdiens die begrafnis onderneem. **AVBOB** Onderlinge Versekeringsgenootskap is 'n gelisensieerde lewensversekeraar en gemagtigde finansiëlediensteverskaffer. FDV 20656. **AVBOB** is 'n vlak-2-SEB-bydraer. www.**AVBOB**.co.za

ASISA A MEMBER OF THE ASSOCIATION FOR SAVINGS & INVESTMENT SA

top EMPLOYER SOUTH AFRICA 2023 CERTIFIED EXCELLENCE IN EMPLOYEE CONDITIONS

AVBOB

AVB-PLS-231129